Maar God

Die volgende drie maande gaan uiters "besige" maande in terme van gebed wees. Baie gebedsinisiatiewe vind plaas en ons nooi u uit om asseblief kennis te neem hiervan, deel te neem soos u kan en die inligting met ander mense, plaaslike gemeentes en organisasies te deel wat moontlik sal wil deelneem.

Geleenthede en inisiatiewe: Maart-Mei 2010

1. **1-21 Maart – Gebedsfokus op Frankryk.** Frankryk is in die middel van Wes-Europa en het 'n bevolking waarvan ongeveer 30% ateïste is en minder as 1% aktiewe evangeliese Christene. Vanaf 1-21 Maart nooi *Pray for France* Christene van oral oor die wêreld uit om tydens die dae voor Paasfees vir Frankryk te bid. (Webruimte: http://www.prayforfrance.org/ of e-pos: dbroussard@ccfof.org).

2. **Maart – Vergifnis.** In Maart gaan ons fokus op vergifnis, wat onlosmaaklik verbind is met verootmoediging. Dit sal die tyd van verootmoediging en gebed vir herlewing vanaf 3 April tot 23 Mei voorafgaan.

3. **5 Maart – *Wêrelddag van Gebed vir Vroue***. Die *Wêrelddag van Gebed vir Vroue* is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue wat eenmaal 'n jaar bymekaar kom vir 'n algemene dag van gebed. Dit sal die 80ste jaar wees dat vroue in Suid-Afrika hieraan deelneem en hulle gaan voor God buig met die tema: Laat alles wat asem haal, die Here prys! Inligting is beskikbaar by *Womens' World Day of Prayer,* Posbus 2002, Kemptonpark, 2002. Tel.: 011 975 4598 of faks: 011 975 2537. Webruimte: www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net

4. **6 Maart - *Wêrelddag van Gebed vir Mans***. Mans kom ook op hierdie dag op verskillende tye en plekke in Suid-Afrika bymekaar om te bid dat die wêreld Jesus se lig sal sien onder die tema: *Die man wat deur God gebruik word*. Kontak Ben Ferreira: Sel: 082 901 4219, tel.: 011 919 9038 (k), 012 348 4966 (n/u), e-pos: wereldbiddag@absamail.co.za

5. **22 Maart – *Dag van Gebed in Kaapstad.*** Hierdie jaar is dit 10 jaar gelede dat die eerste *Dag van gebed en Verootmoediging* plaasgevind het in die *Newlands Rugbystadion* in Kaapstad. Op 22 Maart verenig mense weer in gebed (vanaf 13h00 – 16h00) in die nuwe *Kaapstad Stadion* om te bid vir die jeug en die komende *Sokker Wêreldbeker*. (Kontak Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

6. **3-12 April – Herontdek die ou herlewingsbronne**. Daar word beplan om tien dae lank spesiale gebedsbyeenkomste te hou in dorpe en stede wat in die verlede herlewing beleef het. Ongeveer 74 sulke plekke is in Suid-Afrika geïdentifiseer (daar is waarskynlik meer). Vir meer inligting kontak Anneke Hanekom, tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214 en e-pos: info@global24-7.org

7. **13 April - 12 Mei – Fokus op Herlewing.** Gedurende hierdie 30 dae fokus ons op persoonlike en nasionale herlewing. Vind gebedsaanwysings vir elke dag in hierdie gebedsgids.

8. **13-22 Mei - 10 Dae van Gebed** voor Pinkstersondag. Gedurende hierdie 10 dae bid ons saam met die hele wêreld op grond van Joël 2, dat God met Sy krag op al die lande van die wêreld sal neerdaal.

9. **23 Mei – *Wêrelddag van Gebed (GDOP - Global Day of Prayer)*** Al 220 lande regoor die wêreld gaan deelneem.

Wat 'n voorreg om toegelaat te word om voor God se troon van genade te mag staan en om gehoor te gee aan God se uitnodiging om met *vrymoedigheid en vryheid* te vra vir ons eie behoeftes en vir die nood van die wêreld! Laat ons nie hierdie geleentheid gering ag nie, hierdie heilige roeping, hierdie werk van elke Christen, wat die Here se kragtige hand kan laat beweeg tot geregtigheid, verlossing en seën.

Daar bestaan geen twyfel dat 2010 'n buitengewone jaar, met groot geleenthede vir die Kerk, gaan wees nie. Terselfdertyd is dit 'n jaar waarin ons die krag, wysheid en openbaring van die Heilige Gees en die beskerming van God nodig gaan hê, asook die gewilligheid om ons verantwoordelikheid op te neem vir die geleenthede wat God oor ons pad bring.

Hoekom bid?

Gebed is nie 'n mens se idee nie. Dit is God se plan. Die uitnodiging om te bid kom van Hom af. Dit is Hy wat ons roep om dag en nag voor Sy troon te staan, Hom te herinner aan Sy beloftes en om Hom geen rus te gee nie. (**Jes.62:6-7; Heb.4:16; Matt.7:7-8; 1 Tess.5:17**). As God ons oproep tot gebed, is dit omdat Hy ons wil help, omdat Hy ons wil antwoord. Om hierdie rede het Hy vir ons meer as 7 000 beloftes gegee wat ons kan gebruik om ons op Hom te beroep om ons te help. Onthou dit is Sy beloftes. Hy het hulle gemaak. Hy wil hulle antwoord. Laat ons hulle dan met vrymoedigheid bid, met geloof, sonder om te twyfel, dag en nag, afwagtend. Laat ons vra vir Sy oorvloed en nie net om te oorleef nie. Ek verwys nou nie hier in die eerste plek na finansiële oorvloed nie. Kom ons bid met geloof vir ons kerke, ons gemeenskappe, ons land en vir die wêreld.

God sê: *Kom, vrymoedig, met geloof, getrou, selfloos, sonder selfsug, met hoop en sekerheid in die wete dat Ek almagtig is. Kom, praat met My.*

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Wat, waar en wanneer: Nasionaal

12 -14 Februarie - Freedom Road Rally: *Christian Motorcyclists Association, Cape Town (C.M.A.)* hou hulle jaarlikse *Freedom Road Rally* vir gesinne in Ellensrust, Stilbaai. Dit is 'n tyd vir lofprysing en aanbidding. Hulle is ook op die uitkyk vir geleenthede om vriendskappe met sekulêre motorfietsryers aan te knoop en om hulle aan 'n ander soort lewe voor te stel as die een wat hulle ken. (*C.M.A.*, tel.: 021 982 2303 of faks: 021 982 0997 of e-pos: cmawp@absamail.co.za).

5 Maart - ***Wêrelddag van Gebed vir Vroue***. Die *Wêrelddag van Gebed vir Vroue* is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue wat jaarliks bymekaar kom vir 'n algemene dag van gebed. Dit sal die 80ste jaar wees dat vroue in Suid-Afrika deelneem – en hulleself voor die Here verootmoedig rondom die tema*: Laat alles wat asem haal, die Here prys!* Inligting is beskikbaar by *Womens' World Day of Prayer,* Posbus 2002, Kemptonpark, 2002. Tel.: 011 975 4598 of faks: 011 975 2537. Webruimte: www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net

6 Maart - *Wêrelddag van Gebed vir Mans*. Mans kom in Suid-Afrika op hierdie dag op verskillende tye en plekke bymekaar om te bid dat die wêreld Jesus se lig sal sien, met die tema: *Die man wat deur God gebruik word*. Kontak Ben Ferreira: Sel: 082 901 4219, tel.: 011 919 9038 (k), 012 348 4966 (n/u), e-pos: wereldbiddag@absamail.co.za

22 Maart - Dag van Gebed in Kaapstad. Hierdie jaar is dit 10 jaar gelede dat die eerste *Dag van gebed en verootmoediging* gehou is in die *Newlands Rugbystadion* in Kaapstad. Op 22 Maart verenig mense in gebed (vanaf 13:00 – 16:00) in die nuwe *Kaapstad Stadion* om te bid vir die jeug en die komende *Sokker Wêreldbeker*.

Slegs 50 000 mense kan geakkomodeer word. Vir kaartjies en meer inligting, kontak: Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

3-12 April – Onthou plekke van herlewing. Tien dae lank gaan Christene spesiale gebedsbyeenkomste hou in dorpe stede wat in die verlede herlewing beleef het. Deur navorsing het ons 74 sulke plekke in Suid-Afrika geïdentifiseer (en daar is beslis meer). Vir meer inligting kontak Anneke Hanekom, tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214 en e-pos: info@global24-7.org

13 April - 12 Mei - Fokus op Herlewing. Gedurende hierdie 30 dae fokus ons op persoonlike en nasionale herlewing. Daar is gebedsaanwysings vir elke dag in die gebedsgids.

13-22 Mei - 10 Dae van Gebed voor Pinkstersondag. Gedurende hierdie dae gaan ons saam met die hele wêreld op grond van Joël 2 bid dat God kragtig sal ingryp in al die lande van die wêreld.

23 Mei - *Wêrelddag van Gebed (GDOP - Global Day of Prayer)* Al 220 lande van die wêreld gaan hieraan deelneem.

2-5 April - 72-uur onophoudelike Afrika lofprysing vir Christus (projek 4320). Vanaf 12:00 middag op Goeie Vrydag (2 April 2010) tot 12:00 middag Paasmaandag (5 April 2010) in die *Ellispark Stadion* kom gospel musiekkunstenaars en mense in Johannesburg bymekaar om God te aanbid. (Tel.: 011 791 2304 of faks: 011 791 3374. Webruimte: www.project4320.com of e-pos: project4320@gmail.com of rccgreg@rccgsa.org).

14-18 April - *He's Alive* vertoning. *Passion Play Ministries* van Kaapstad bring hul jaarlikse optrede van "He's Alive" op die planke in die *Bellville Burgersentrum*. Vir verdere inligting kontak asseblief Bronwyne Scott, tel.: 084 769 7350 of Melvyn Abrahams, tel.: 082 976 7395. Webruimte: www.passionplay.org.za

16-18 April 2010 - Finale *Mighty Men Conference.* Om te registreer vir die *Mighty Men Conference* by Shalom hierdie jaar, besoek: www.mmc2010.com

15 Mei 2010 - *Kinder Gebedsnetwerk SA - praktiese werkswinkel.* Op die 15de Mei bied *Kinder Gebedsnetwerk SA* 'n praktiese werkswinkel aan vir kinders tussen die ouderdomme 7 – 16 jaar, asook vir diegene wat met kinders werk. Moenie hierdie geleentheid misloop nie! Jane Mackie van Australië en lede van die taakspan van die *Children in Prayer Global Consultation (CiP)* gaan die aanbieders wees. Vir verdere besonderhede kontak Gerhard Botha op sel: 083 537 9770 of faks: 086 672 9758. Webruimte: www.cpnsa.co.za of e-pos: pray@mweb.co.za

20-21 Mei – *Wêrelddag van Gebed 2010 Konferensie*. Leiers van verskeie netwerke en bedieninge van regoor die wêreld kom op 20-21 Mei in Kaapstad bymekaar, met die doel om die heerlikheid van die Here te besing (Gebed, Transformasie, Sending, Kerk en Jeug), om die 'onvertelde verhale' van 'onbekende geloofshelde' te vertel. (*Transformation Africa*. Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

23 Mei - *Wêrelddag van Gebed (GDOP)*: Die 10de lofprysingsfees van die *Wêrelddag van Gebed* – op die plek waar dit 10 jaar gelede begin het! Dit sal ook dien as die sluitingsfunksie vir die *Wêrelddag van Gebed 2010 Konferensie* (19-22 Mei) in die *Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum (CTICC - Cape Town International Convention Centre)*. Vir meer inligting oor kaartjies, kontak *Computicket* of tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com

Wat, waar en wanneer: Internasionaal

18 April - *Internasionale dag van Gebed vir Turkye.* Vat vandag in gebed hande met Turkye vir 'n deurbraak vir die evangelie in hierdie land. Ons doen 'n beroep op die liggaam van Christus wêreldwyd om elke jaar op 18 April saam met ons te bid vir die Kerk, die land en mense van Turkye - dat die Kerk in Turkye versterk sal word deur die krag van die Heilige Gees; dat God se kinders in Turkye tot Sy eer sal lewe; en om te bid dat hierdie geesvervulde lewens hoop en seën sal bring vir die volk en mense van Turkye, soos wat harte en oë oopgaan vir die Koninkryk van God. Webruimtes:
http://www.christiantoday.com/article/church.group.announces.day.of.prayer.for.turkey/23052.htm of
http://www.smartchristian.com/?p=5711k

Het jy geweet?

Massa 'herbekering' in Indië gemik op Christene

Honderde Christene uit stamgebiede en inheemse godsdienste uit dorpies in die staat Maharashtra is volgens beriggewing "herbekeer" tot Hindoeïsme in Mobai, 'n voorstad van Thane; tydens 'n seremonie gelei deur 'n Hindoe geestelike. Hindoe nasionaliste het Christene in landelike gebiede aangeval omdat hulle sosiale en ontwikkelingsprojekte op die been gebring het wat deur die regtervleuel van die Hindoes beskou word as 'n poging om stemgeregtigdes se politieke steun in die landelike gebiede te werf. Bid dat Indiese Christene standvastig sal bly ten spyte van vervolging en met liefde en gebrokenheid sal bly optree teenoor hulle vervolgers. Bid ook dat die regering sal ingryp sodat die 'untouchables' die vryheid sal hê om vir Jesus te kies. Bid vir 'n vars, persoonlike openbaring van die Here Jesus Christus vir elke Indiese Christen. (Lars Widerberg. *Intercessors Network*. Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. Webruimte: http://www.intercessorsnetwork.org/ of e-pos: Intercessors.Network@Comhem.se).

Raak betrokke by die uitreikgeleenthede vir die 2010 *Wêreldbekersokkertoernooi*

Hier volg 'n paar van die baie bedieningsprojekte vir evangelisasie gedurende die *Wêreldbekersokkertoernooi:*

72 Uur onophoudelike lofprysing vir Christus (projek 4320) vind plaas vanaf 2-5 April in die *Ellispark stadion* in Johannesburg. Gospel Musiekkunstenaars en mense kom bymekaar om die Here te loof en te aanbid. (Tel.: 011 791 2304 of faks: 011 791 3374. Webruimte: www.project4320.com of e-pos: project4320@gmail.com of rccgreg@rccgsa.org).

The Ultimate Goal (TUG) is 'n uitreik inisiatief wat in Junie en Julie plaasvind tydens die *2010 Wêreldbekersokkertoernooi*. Hulle nooi plaaslike en internasionale kerke asook Christen-organisasies en bedieninge uit om by hulle aan te sluit met een gesamentlike doelwit: Om hoop en verandering in Suid-Afrika te bring. Webruimte: http://www.theultimategoal.co.za/ of stuur gebedsversoeke na e-pos: prayer@theultimategoal.co.za

Kickstart: Reik uit op praktiese maniere na Moslems in jou gemeenskap. Hulle nooi sendingorganisasies, maatskappye, ens. uit vir opleiding oor hoe om die evangelie met Moslems te deel. *MECCA (Muslim Evangelism Care & Communication Assistance)* sal 'n telefoon gereed hê wat 24 uur beman sal wees deur iemand met 'n Bybel en 'n *Moslem Evangelisasie databasis* met vrae en antwoorde. Christene en Moslems kan skakel om hulp te vra oor Moslem-dissipelskap. Kontak Manfred Jung, *Christian Concern for Muslims*, *(CCM)*. Sel: 084 368 5655 of tel.: 011 976 4044. E-pos: mjung@ccm.org.za

World Harvest wil graag ongeveer 500 sendelinge uit SA en ander lande, tale en kultuurgroepe, indeel in kleiner groepe van ongeveer 10 individue per groep, na die verskillende gasheer-stede en ander dorpe in SA stuur om uit

te reik en ander gemeenskapswerk te doen. Spanne sal bestaan uit mense wat verskillende tale ken. Kontak *World Harvest* by: sel: 076 091 4299 / 082 901 7507 of 083 308 7993. Webruimte: http://www.2010worldharvest.co.za/concept.html of e-pos: info@2010worldharvest.co.za

Wat is aanlyn?

Bybel op *Facebook*
Webruimte: www.facebook.comTheBible
Die Bible Fan Page op *Facebook* het so pas 1,2 miljoen intekenaars oorskry en volgens *Inside Facebook* is dit een van die webruimtes wat die vinnigste groei. Die bediening se doelwit is gebed, ondersteuning, evangelisasie, ens. Selfs Moslems en ateïste besoek die blad en baie Christene het weer hulle Bybels begin lees.

Verbind kinders met die Here se wêreldplan
Webruimte: http://store.calebresources.org/ProductDetail.jsp?LISTID=80000445-1186515446
Wil jy ook hê jou kinders moet verstaan dat die wêreld groter is as net hulle vriende en familiekring? Hierdie bron bied 'n beknopte Bybelse wêreldoorsig en help kinders om die Here se doel en plan van verlossing vir alle nasies te ontdek. Dit bied 'n geskiedkundige oorsig oor die Christendom, bestudeer verskillende kulture en help kinders om wêreldgodsdienste te verstaan, ens.

Neem 'n terroris aan in gebed
Webruimte: http://www.brigada.org/2009/07/26_2388 of http://www.atfp.org
Hier kan jy rondblaai op die databasis van die FBI en die VSA se Staatsdepartement vir geïdentifiseerde terroriste en ondersteuners van terrorisme (sommige is vry en ander is in aanhouding). Dink daaraan om in te teken as 'n voorbidder en moedig jou vriende aan om dieselfde te doen. Jy kan dit ook oorweeg om 'n soortgelyke gebedsblad te begin vir jou eie land in jou eie taal.

Paas *Podcast*
Webruimte: www.FaithComesByHearing.com
'n Oudiobybelbediening het 'n spesiale Paas *Podcast* geproduseer met die titel: *Easter: The Story.*
Luisteraars kan na hierdie Oudiobybelverhaal luister in MP3, wav formaat of direk op die webruimte. Dis opgeneem uit die evangelie van Markus. Die doel van die bediening is om die hele Nuwe Testament in oudiodrama op te neem in 2 000 tale en teen 2016 1,8 miljoen Bybelluistergroepe te hê om sodoende 50% van die wêreld wat nie kan lees nie, te bereik.

Herlewing in Iran
Webruimte: http://www.revivaliniran.org/
Raak betrokke by die instuur van Bybels en lê jou ook daarop toe om op 'n gereelde basis vir Iran te bid. Hierdie webruimte is 'n uitstekende ruimte vir gemeentes om 'n bewustheid by hulle lidmate te kweek oor wat in hierdie geslote land gebeur.

Aanhalings

Gebed is selfdissipline. Om te bid beteken om in genade te groei. Om tyd in die teenwoordigheid van die Koning deur te bring, lei tot nuwe lojaliteit en toewyding by getroue onderdane. Christenkarakter groei in die geheime kamer van gebed. - Samuel M Zwemer

Wees bo alles versigtig om in jou gebede nie die Here te beperk nie, nie net deur ongeloof nie, maar ook deur jou te verbeel dat jy presies weet wat Hy kan doen. Verwag die onverwagte dinge 'meer as wat ons kan bid of dink.'

Elke keer, voordat jy intree, word eers stil en aanbid God in Sy heerlikheid. Dink aan wat Hy kan doen en hoe bly Hy is om die gebede van Sy verloste kinders te hoor. Dink aan jou plek en voorreg in Christus en verwag groot dinge! - Andrew Murray

Die krag van gebed is nog nooit deur enige kerk ten volle ontgin nie. As ons magtige wonderwerke van goddelike genade en krag wil sien werk in swakheid, mislukking en teleurstelling, moet die hele Kerk God se staande uitdaging aanvaar:
"Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie." - James Hudson Taylor

Alle groot sielewenners was manne van baie gebed en baie kragtige gebed en alle groot herlewings is voorafgegaan en deurgedra deur volhardende, volgehoue kniewerk in die binnekamer. - Samuel Logan Brendle

Jy moet met alle mag bid. Dit beteken nie gebede opsê of met oop oë in die kerk of kapel sit en staar terwyl iemand anders vir jou gebede opsê nie. Dit beteken wel ernstige, effektiewe, onvermoeide worsteling met God. Hierdie soort gebed kan jy seker wees sal deur die duiwel, die wêreld en deur jou eie trae ongelowige natuur teëgestaan word. Húlle sal water op hierdie vuur probeer gooi. – William Booth

Deur in te tree deur gebed kan ons Satan van ander se lewens weghou en vir die Heilige Gees 'n kans met hulle gee. Geen wonder dat Jesus so geweldig baie klem op gebed gelê het nie! – Oswald Chambers

Om een man of een vrou op te wek tot die geweldige krag van gebed vir ander, is meer werd as die gesamentlike aktiwiteite van 'n skare gemiddelde Christene. – A. J. Gordon

24-7 Gebedswagfokus: Maart - Junie 2010

Hierdie gebedsfokusse is bedoel om diegene wat betrokke is by 'n 24-7 gebedshuise aan te moedig om oor dieselfde tydperk oor dieselfde dinge te bid. Hierdie is slegs riglyne en gebedswag-koördineerders kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere **in jou gebedskamer op te sit** of in jou stiltetye te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid gedurende die maandelikse fokusse. Meer inligting is gratis beskikbaar op ons webruimte by: www.jwipn.com. Onthou om ook sommer op ons *Prayer Alert* in te skryf by cape@jwipn.com wat weekliks op aktuele sake fokus.

Maart: Vergifnis
Een van die moeilikste onderwerpe vir ons almal is die een van vergifnis. Elkeen van ons is al seergemaak. Terselfdertyd het ons al soveel ander seergemaak. Gedurende Maart fokus ons op verskillende aspekte van vergifnis; om ander te vergewe, jouself te vergewe en ook hoe om te versoen met een wat jy vergewe het.

April: Herontdek die ou bronne van herlewing
Vanaf 3-12 April (10 dae lank), gaan mense van dorpe en stede wat in die verlede herlewing beleef het, spesiale bidure hou. Oorweeg dit om saam deur die gebedsonderwerpe te bid sodat God se Gees weer hierdie bronne van herlewing sal oopbreek en herlewing oor Suid-Afrika sal uitstort. Vanaf 13 April tot 12 Mei verskuif die fokus na herlewing: Persoonlike én nasionale herlewing.

Mei: *10 Dae* van dag en nag gebed en die *Wêrelddag van Gebed*
Op 21 Maart, 2001, het meer as 40 000 mense in die *Newlands Rugbystadion* bymekaargekom vir 'n dag van gebed en verootmoediging. Sedert 2005 het hierdie dag van gebed gegroei tot 'n *Wêrelddag van Gebed* wat elke jaar gehou word op Paassondag, voorafgegaan deur 10 dae van dag en nag gebed. Verlede jaar het

verteenwoordigers uit al die lande van die wêreld deelgeneem aan hierdie dag van gebed en ons vertrou dat dieselfde weer hierdie jaar gaan gebeur wanneer ons 10 jaar van gebed rondom die wêreld herdenk. Laat ons, saam met Christene regoor die wêreld, die Here se aangesig soek vir herlewing, die redding van verlorenes, die krag van die Heilige Gees in die Kerk, transformasie van gemeenskappe en dat die hoop van God sal deurbreek in al die donker plekke op aarde.

Junie: Fokus op Kinders in Nood
Daar is soveel geweld teen kinders. Verwaarloosde kinders dwaal by rommelhope rond. Dink aan die 7 miljoen straatkinders in Brasilië, kindersoldate met lewelose oë en ander wat saam met hulle ouers oorlogstrauma moet beleef. Dink aan kinderprostitusie, kinderslawerny en kinderarbeid. Mag ons hierdie maand tyd maak om stil te gaan sit om oor die nood van kinders te dink. Mag dit wees dat die Here vir ons trane sal gee om oor hierdie kinders te ween. Mag ons harte gebreek word oor die gebrokenheid van kinders. En mag die Here ons genadig wees om met geloof en trane te bid en te doen wat ons hande vind om te doen.

Maandag 1 Maart 2010
Gebedsfokus op redding: Dwelmbase
'n Dwelmbaas staan gewoonlik aan die hoof van 'n dwelmnetwerk, en daar is talle sulke netwerke in Suid-Afrika. Internasionale dwelmnetwerke gebruik soms plaaslike netwerke om hulle dwelms deur die doeane te kry. Bid dat die dwelmbase 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê en dat hulle oë geopen sal word vir die waarheid van die evangelie sodat hulle lewens drasties sal verander en hulle volgelinge van Christus sal word.

Jou liggaam is die tempel van die Heilige gees: Leef 'n heilige lewe
Die Woord daaroor: *Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang en julle behoort nie aan julleself nie* (**1 Kor.6:19**).
Oorsig: Andrew Murray skryf: Dit is die liggaam wat die tempel van die Heilige Gees is. (**1 Kor.6:19**). As ons met die Heilige Gees vervul is, sal dit ook in die liggaam na vore kom. *As julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe* (**Rom.8:13**).
Die Heilige Gees is spesifiek gegee om ons te heilig en ons liggame te versterk sodat ons Hom kan dien. Dit is Sy inwoning in ons liggame wat ons in staat stel om deel te hê aan die opstanding. Vertoon jou lewe die teenwoordigheid van die Heilige Gees?
Oorgawe in gebed: Vader, ons bely dat ons steeds die weë van die vlees volg, of dit nou is om te ooreet, om na gewelddadige of immorele films te kyk of deur immorele tydskrifte en boeke te blaai, ensovoorts. Vergewe ons asseblief dat ons nie nougeset oor ons liggame toesig hou as die tempel van U Heilige Gees nie. Help ons om om te draai.

Dinsdag 2 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Dominika, die Dominikaanse Republiek en Djiboeti in gebed aan die Here op. Bid dat mense hulle tot God sal bekeer.

Beskou die lewe deur God se oë: Wat is vergifnis?
Vergifnis beteken om skuld af te skryf. Die Griekse woord *aphesis* beteken 'ontslag' of 'vrylating'. As jy vergifnis skenk, skryf jy dit wat aan jou verskuldig is, af. As jy vergifnis ontvang, word jou skuld afgeskryf. (Jy word vrygestel van enige vereistes of terugbetaling.) Jesus het die kern van vergifnis uitgebeeld toe hy gesê het: *Wees lief vir jou vyande, doen goed aan dié wat jou haat* (**Luk.6:27**).
Prakties: Dink na oor jou lewe. Staan gedurende die dag tyd af en skryf dan al die dinge neer waaraan jy kan dink wat moontlik terreine is waarop jy ly omdat jy deur 'n vriend, 'n gesinslid, 'n kind of jou huweliksmaat verontreg is. Probeer om minstens een keer 'n week tyd saam met God te bestee om doelbewus deur hierdie dinge te bid.
Gebed: Hemelse Vader, openbaar asseblief op hierdie oomblik aan my die dinge in my hart wat nie vir U aanvaarbaar is nie. Help my om die waarheid oor elke situasie te besef en te erken, veral waar daar 'n gebrek aan

vergewensgesindheid is. Ek kies om op U leiding te vertrou, omdat ek self nie seker is hoe om hierdie moeilike situasies te hanteer nie.

Gebedsfokus: Frankryk
Frankryk, die sentrum van Wes-Europa, het 'n bevolking waarvan ongeveer 30% ateïste en minder as 1% aktiewe evangeliese Gelowiges is. Vanaf 1-21 Maart nooi *Bid vir Frankryk* Christene oral in die wêreld om in die dae voor Paasfees vir Frankryk te bid. "Ek was verbaas oor die toename in ontvanklikheid vir Jesus die afgelope jaar," het die president van die *Christian Community Foundation of France* gesê. Dit is beslis die vrug van toegewyde gebed. (Webruimte: http://www.prayforfrance.org/ of e-pos: dbroussard@ccfof.org). Dank die Here hiervoor en ook vir ander inisiatiewe. Bid vir die hart van die Franse volk sodat hulle sal terugkeer na die Here Jesus.

Woensdag 3 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Oos-Timor, Ecuador en Egipte in gebed aan die Here op. Bid vir ontvanklikheid vir die evangelie.

Gebedsfokus op redding: *Christian Motorcycle Association (CMA)*
Christen motorfietsryers reik op gereelde basis na ander ryers uit. Bid asseblief vir ryers om oop te wees vir die evangelie en om uiteindelik ook die oorwinning oor verslawing en vooropgestelde negatiewe idees te behaal. Bid dat goddelose verhoudings tussen die verskillende groepe nie sal voortduur nie. Bid veral vir dié van hulle wat 'n keuse maak om Christus te volg – veral vir vroulike lede. Bid dat lede sterk sal staan en nie veroordelend sal optree nie. Bid vir eensgesindheid onder Christenryers en 'n toenemende bewustheid dat hulle roeping 'n saak van lewe en dood is. (*Christian Motorcycle Association Western Province*. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997 of e-pos: cmawp@absamail.co.za).

Stadswye gebedsbyeenkoms: Dag van gebed vir die jeug en die *Wêreldbekersokkertoernooi*
Op 22 Maart loods die *Wêrelddag van Gebed,* in samewerking met *Cape Peninsula Transformation (CPT)*, 'n gebedsgeleentheid in Kaapstad. Die stadsraad van Kaapstad het toestemming verleen dat die geleentheid gratis by die nuwe Kaapstadse Stadion (voorheen bekend as die Groenpuntstadion) kan plaasvind sodat die tegniese toerusting en bedryfstelsels uitgetoets kan word voordat die stadion aan *FIFA* oorhandig word vir die *Wêreldbekersokkertoernooi* in Junie-Julie. Dank die Here vir die wonderlike geleentheid om die stad in die splinternuwe stadion met gebed te oordek. Bid asseblief vir die finale reëlings, vir Angus Buchan wat die spreker gaan wees, vir die program en die baie kosbare mense wat gaan opdaag. (Kontak Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

Donderdag 4 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra El Salvador, Ekwatoriaal-Guinee and Eritrea in gebed aan die Here op. Bid dat die Kerk kragtig sal groei.

Beskou die lewe deur God se oë: Is dit moontlik om so te sondig dat God se vergifnis nie verkry kan word nie?
Van al die godsdienste in die wêreld, is dit slegs die Bybel wat leer dat die Here volkome vergewe. Soms bly mense hierdie geskenk van God se vergifnis misloop omdat hulle dink dat wat hulle gedoen het, so groot is dat hulle nie vergewe kan word nie. Maar genade is juis om nié te kry wat jy verdien nie. Die Here reinig ons van al ons ongeregtighede, maar daar is 'n voorwaarde, en dit is dat ons ons sondes moet bely! (**1 Joh.1:9**). Bely beteken om saam te stem met God. Wanneer ons met die Here saamstem dat dit wat ons gedoen het, verkeerd is, erken ons nie slegs dat ons gesondig het nie, maar is ons ook bereid om op te hou doen wat verkeerd is (**Ps.32:5**). God is getrou en vergewe ons sondes sodat ons sonder skuld voor Hom kan staan.
Prakties: Bestaan daar enigiets wat jy gedoen het waarvoor jy meen jy nooit vergewe sal kan word nie? Skryf dit alles neer, moenie een daarvan weglaat nie! Dit is uiters belangrik, want om te glo dat daar sondes is wat die Here

nie sal vergewe nie, is wat die vyand wil hê, sodat jy kan aanhou ly. Neem hierdie dinge eens en vir altyd deur gebed na God toe.
Gebed: Ons Vader, ek bring vandag dinge na U wat ek teen ander en ook teen U verkeerd gedoen het. Vergewe my dat ek die leuen geglo het dat hierdie dinge te groot sondes was vir U om te vergewe. Ek lê hulle vandag by U voete neer. Help my asseblief om klaar te maak met hierdie dinge en om te groei in die geloof en insig dat Christus die volle prys vir al my sondes aan die kruis betaal het.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Veiligheid en sekuriteit
Bid tot die Here vir al die voorbereiding, beplanning en voorgestelde strategieë om veiligheid en sekuriteit te verseker tydens die verskillende wedstryde wat landwyd gespeel gaan word. Bid dat persone wat besig is met opleiding, hulle opleiding sal voltooi en nie die prooi sal word van omkopery of enige ander vorm van ongeregtigheid in die uitvoering van hulle pligte tydens die *Wêreldbekersokkertoernooi* nie.

Beplan vooruit vir die *Wêreld Biddag van Gebed* op 23 Mei 2010: Webruimte: www.globaldayofprayer.com

---

Vrydag 5 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Estland, Ethiopië en die Faeroëreilande in gebed aan die Here op. Bid vir 'n honger na die Woord van die Here.

Gebedsfokus op die *Wêreldbiddag vir Vroue 2010*
Die *Wêreldbiddag vir Vroue* is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue wat een keer per jaar byeenkom om 'n dag van gebed te hou. In Suid-Afrika sal ons die 80ste jaar gedenk wat ons aan hierdie gebeurtenis deelneem. Vroue van die wêreld sal verenig om hulle neer te buig en te bid met die tema *Laat alles wat asemhaal die Here prys.* Dink daaraan om vandag tyd af te staan om te bid, selfs al is dit nie moontlik om êrens 'n byeenkoms by te woon nie. (*Women's World Day of Prayer,* Posbus 2002, Kempton Park, 2002. Tel.: 011 975 4598 of faks: 011 975 2537. Webruimte: www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net).

Gebedsfokus op prostitusie in Indië
Lady Care bied beperkte gesondheidsorg, krisis intervensie-berading en berading vir vroue wat prostitusie beoefen of daarby betrokke was. Prostitusie is onwettig in Indië, maar dit is nie moeilik om vroue te vind wat hulle dienste verkoop nie. Wanneer omkoopgeld aangebied word, laat korrupte politici en polisie-amptenare dit oogluikend toe. Arm Indiese gesinne verkoop soms hulle dogters aan sekshandelaars en bordele. Bid vir hierdie en ook ander bedienings dat hulle finansieel en geestelik in staat sal wees om duisende vroue en kinders effektief te kan help. Vra dat Christen Indiërmans hulle vrouens sal liefhê soos Christus die kerk liefgehad het. (*Global Prayer Digest*, e-pos: GPDMOD@wciu.edu).

Mans wat bid: Wat mans vir mans moet bid

So dikwels sien ons vrouens vir ons as mans bid, maar dit is tyd dat ons as mans vir mekaar moet begin bid. God is ongetwyfeld besig om iets onder die mans in ons land te doen. Ek verwys na Angus Buchan se *Mighty Men* konferensies, die Daniël konferensies wat by Moreletapark aangebied word, die kleiner Daniël konferensies wat oral in die land aangebied word, asook die talle netwerke, aksies en gemeentes wat mannekampe aanbied. Letterlik honderde duisende mans word elke jaar so bereik en die verhale wat hieruit na vore kom is verstommend. Ek wil graag *elke* man aanmoedig om na die film *Fireproof* te gaan kyk en die boek *The Love Dare* te lees en dit toe te pas. God is besig met 'n herstelproses onder die mans in ons land, kom ons bid as mans vir ons manne.

1. Bid dat mans terug sal keer na die verbond wat hulle voor God met hulle vrouens gemaak het en daardie huweliksbelofte getrou sal uitleef.

2. Bid dat mans hulle vrouens met respek sal behandel en hulle só lief sal hê dat hulle selfs bereid sal wees om vir hulle te sterf soos wat Christus bereid was om vir die Kerk te sterf. (**Ef.5:25**).

3. Bid dat mans hulle plek as priesters in die huis sal inneem en vir hulle vrouens en kinders sal bid – asof hulle die enigste persoon is wat vir hulle vrouens en kinders bid. Dat mans nie langer verskonings sal maak oor waarom hulle nie vir hulle vrouens en kinders kan bid nie (nie tyd het nie, nie weet hoe nie, ens.).

4. Bid vir mans om met integriteit en eties in hulle werkplekke op te tree. Vra dat hulle alle praktyke wat nie met die Woord van God strook nie, sal laat staan en dat hulle vir God sal kies, ongeag die konsekwensies.

5. Bid dat mans oral, op elke plek "heilige hande sal ophef", op elke plek sal bid. (**1 Tim.2:8**). Dit is die wil van God. Vra dat mans in gemeentes en in hulle werksplekke gebedsgroepe sal begin om vir die gemeente, hulle werksplek en die land in te tree.

6. Bid vir die redding van honderde duisende mans van alle bevolkingsgroepe in ons land. Begin om die name van 3-5 manne neer te skryf en vir hulle redding te bid. Volhard hiermee, moenie na 'n week of 'n paar maande ophou nie. Volhard. Pleit by God vir hierdie manne se redding asof jy vir jou eie redding pleit.

7. Wanneer jy bid, maak seker dat daar nie bitterheid teenoor jou vrou, kinders of mense by jou werksplek is nie. Jy kan nie met 'n hart vol oordeel en bitterheid bid nie. Vra God om vir jou geloof te gee – geloof kom deur die lees van die Woord en die bid van God se beloftes. (**Rom.10:17**).

8. Bid volhardend. Moenie sporadies los en vas bid nie. Bid met jou hart en gereeld. Vra die Heilige Gees om jou gedurigdeur te herinner. *Die vurige gebed van 'n regverdige het 'n kragtige uitwerking.* Onthou: Elia was 'n mens *net soos ons*, hy het gebid en God het buitengewone wonders gedoen. (**Jak.5:16-18**).

9. Bid vir meer mans om hulle beskikbaar te stel om na die sendingvelde van die wêreld te gaan en die evangelie na die onbereiktes in ander lande te neem. Meer as 1,9 biljoen mense word vandag as onbereiktes gesien.

Saterdag 6 Maart 2010

Beskou die lewe deur God se oë: Wat vergifnis nie is nie

Daar bestaan talle wanpersepsies oor vergifnis. Sommige mense dink byvoorbeeld dat vergifnis beteken om die sonde te verskoon, om te sê dat dit wat verkeerd was, nou reg is, of nie só erg was nie. Dit is nie die voorbeeld van vergifnis wat Christus gee nie. Toe Hy die mense gekonfronteer het wat gretig was om die vrou te stenig wat met owerspel betrap is, het Hy gekies om haar nie te stenig nie, maar Hy het ook nie haar daad goedgekeur nie. Hy het vir haar gesê: *"Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie"* (**Joh.8:11**). Hy sê dus: Wat jy verkeerd gedoen het, kan vergewe word, maar jy het die verantwoordelikheid om op te hou sondig.

Prakties: Dink 'n bietjie daaroor en skryf die dinge neer wat jy doen wat jy weet verkeerd is. Lê jou in jou gebedstyd dan daarop toe om hierdie dinge een vir een na die Here te bring. Neem 'n vaste, doelbewuste besluit om op te hou doen wat verkeerd is. Indien nodig, vertel een of twee van die dinge vir 'n betroubare vriend en vra hom of haar om gereeld saam met jou te bid om jou sodoende aanspreeklik te hou vir jou besluit.

Gebed: Ons Vader, dit wat ek nie wil doen nie, doen ek, en dit wat ek wil doen, doen ek nie! Ek bring vandag hierdie dinge voor U troon van genade. Ek is jammer oor my verkeerde optrede in elkeen van hierdie gevalle. Ek

wil nie meer sondig nie. Vergewe my asseblief. Versterk my met U krag sodat ek weerstand kan bied teen versoeking en die kwaad, en nie meer met hierdie dinge sal sondig nie.

Gebedsfokus: *Wêreldbiddag vir Mans 2010*
Mans kom in Suid-Afrika op verskillende plekke en tye byeen met die tema: *Die man wat die Here gebruik*. Bid dat die Here die harte en denke van die mans wat vandag vir gebed bymekaarkom, sal aanraak. Bid dat hulle sal verstaan wat hulle Godgegewe rol in hulle gesinne, besigheidswêreld, asook as profete vir die nasies is en dit prakties sal opneem (Ben Ferreira. Sel: 082 901 4219, tel.: 011 919 9038 (k), 012 348 4966 (n.u.), e-pos: wereldbiddag@absamail.co.za).

Sondag 7 Maart 2010
Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n vergewensgesinde hart?
As die Gees van Christus in jou woon en werk, bewerk Hy vrug in ooreenstemming met die karakter van Christus. As vergifnis deel van jou Christelike lewenstyl is, sal jy geestelik groei. 'n Vergewensgesinde hart is vol liefde en hou nie rekord van al die verkeerde dinge wat die oortreder gedoen het nie. Die Skrif is baie duidelik hieroor: **1 Pet.4:8** sê: *Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.*

Prakties: Dink aan mense wat jy in jou daaglikse omgang teëkom vir wie jy omgee en waardering het nieteenstaande dinge wat in die verlede tussen julle gebeur het. Skryf dit ook neer!

Gebed: Vader in die Hemel, ek dank U dat U my in staat stel om mense meer en meer lief te hê. Dankie dat U my die hoop gee dat persone wat my te na gekom het en steeds te na kom, ook deur U genade kan verander soos U my verander het.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: God se vrede
Bid vir alle Christene, kerke en bedienings wat gedurende hierdie tyd 'n uitreik beplan. Bid dat hulle sensitief sal wees vir die Gees sodat hulle God se stem kan hoor en nie met hulle eie agenda sal voortgaan of met vleeslikheid die evangelie op mense, veral die vanuit ander godsdienste, sal afdwing nie. Vra dat God se liefde die juk sal breek in die harte en denke van mense wat die evangelie ontvang.

Maandag 8 Maart 2010
Gebedsfokus op redding: Dwelmhandelaars
Dit is skokkend hoeveel kinders dwelms aan hulle maats verkoop. Dra elke jongmens wat in dwelmnetwerke vasgevang is en wat dwelms op straat, by skole en op kampusse verkoop, in gebed aan die Here op. Bid dat hulle Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser sal ontmoet en dat hulle sal ophou om dwelms te verkoop.

Gebedsfokus op gesondheid: Oogkliniek help mense
'n Gratis mobiele oogkliniek is in Andhra Pradesh, Indië begin. Die dokters het die pasiënte ondersoek en diegene geïdentifiseer wat oogoperasies moes ondergaan en pasiënte is in 'n nabygeleë hospitaal geopereer. Dit was ook moontlik om die evangelie aan plaaslike mense te verkondig om hulle die geleentheid te gee om hul harte vir God se liefde oop te maak. (*ASSIST News Service (ANS)*. P.O. Box 609, Lake Forest, CA 92609-0609 USA. Webruimte: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com). Dank die Here vir hierdie antwoorde op gebede. Bid dat daar baie meer geleenthede geskep sal kan word vir siekes om gesond te kan word en om Christus te leer ken.

Dinsdag 9 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra die Falklandeilande, Fidji en Finland in gebed aan die Here op. Bid dat volwassenes hulle aan die Here sal oorgee.

Beskou die lewe deur God se oë: Ek voel nie lus om te vergewe nie, hoe kan dit van my verwag word om te vergewe?
Vergifnis is nie op gevoel gebaseer nie, maar eerder op die feit dat ons – ons almal – deur God gevra word om te vergewe. Dit is 'n stap van gehoorsaamheid, om te doen wat reg is. Vergifnis is nie 'n emosie nie, dit is in die eerste instansie 'n wilsdaad. Daarom kan dit wat "oënskynlik reg is" op grond van gevoelens, maklik verkeerd wees! *"Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood"* (**Spr**.**14:12**). Om te vergewe klink 'onbillik', veral as jyself of jou geliefdes verontreg is. Nogtans is Jesus ter wille van ons verontreg, deurdat Hy aan die kruis moes sterf. Ons het dus Iemand wat dit self deurgemaak het en ons kan help om te vergewe.

Prakties: Dink aan die kere toe jy nie lus was om iemand te vergewe nie. Wees dapper en skryf dit neer! Maak klaar daarmee, handel dit af. Want solank as wat mens uitstel, beheer onvergifnis ons deur ons sleg en ongelukkig te laat voel.

Gebed: Vader in die Hemel, wanneer ek aan die dinge dink wat ek opgenoem het, het ek werklik nie lus om te vergewe nie. Ek bely dit aan U in alle eerlikheid. Maak my asseblief gewillig om te vergewe. Help my en leer my hoe om te vergewe soos U wil hê ek moet, sodat ek U opdrag kan uitvoer om ander te vergewe soos U my vergewe het (**Matt.6:12**).

Gebedsfokus op Christelike uitsending: *Trans World Radio (TWR)* in Wes-Afrika
Die Mossi woon hoofsaaklik op die Mossi-Plato in sentraal-Burkina Faso. 'n Geskatte 12% is Christene. *TWR* is tans sover bekend die enigste Christelike uitsaaier in die Mòoré-taal. Die Mòoré-programme sal in lyn met die behoeftes van die Mossi, fokus op dissipelskap sowel as praktiese toepassings van die Bybel. (*Trans World Radio Africa*, Posbus 4232, Kempton Park, 1620. Tel.: +27 11 974 2885, faks: +27 11 974 9960, sel: +27 72 6414475. Webruimte: www.twrafrica.org of e-pos: prnews@twraro.org.za). Dank die Here vir hierdie vordering. Bid dat baie harte aangeraak en vernuwe sal word deur Christus.

Woensdag 10 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Frankryk, Frans-Guyana en Frans-Polinesië in gebed aan die Here op. Bid dat kinders hulle tot die Here sal keer.

Gebedsfokus op finansies: Skuld is aan die toeneem
Ongeveer 7% van Suid-Afrika se volwassenes beweer dat hulle nie kan oorleef sonder om geld te leen nie (Fact-A-Day. Webruimte: http://www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Dit impliseer dat sommige mense se uitgawes hulle normale huishoudelike inkomste oorskry óf dat hulle nie kan spaar vir iets wat hulle wil hê nie. Hou aan met bid dat mense hulle skuld sal betaal, hulle daarvan sal weerhou om onnodige goed te koop en dat hulle hulle begroting en hulle finansiële situasie in God se hande sal plaas. Bid vir hulle wat vasgevang is en as't ware 'verslaaf' geword het aan 'n lewe van leen en skuld. Bid vir God se ingryping en bevryding.

Gebedsfokus op gesondheid: 'n Faktor is geïdentifiseer wat breinkanker verhaas *National Institutes of Health* het vasgestel dat die aktiwiteit van 'n proteïen in breinselle die verspreiding van 'n aggressiewe breinkanker bekend as *glioblastoma multiforme (GBM)* stimuleer. In die soeke na 'n behandeling word 'n klein ontwerper-proteïen wat hierdie aktiwiteit blokkeer en die verspreiding van die *GBM*-selle vertraag, in die laboratorium gekweek. (Webruimte: http://www.sciencedaily.com/releases/2009/08/090818150025.htm). Dank die Here vir deurbrake van hierdie aard. Bid asseblief dat navorsing voltooi sal word en binnekort tot die voordeel van pasiënte gebruik sal kan word.

Donderdag 11 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Gaboen, Georgië en Duitsland in gebed aan die Here op. Bid dat hulle hul aan die enigste ware God sal onderwerp.

Beskou die lewe deur die Here se oë: Laat vaar jou gegriefdheid
Om te vergewe, beteken dat jy jou wrok teenoor jou oortreder sal laat vaar. Die Griekse woord *aphiemi* beteken "om weg te stuur", dit wil sê, "om te vergewe" of "om die straf te laat vaar" wanneer iemand iets verkeerds teenoor jou gedoen het. Ons moet daarom ons reg laat vaar van om te hoor: "ek is jammer", of ons reg om verbitterd te wees of om die ander persoon "terug te kry". Om te vergewe, is om jou regte ten opsigte van die oortreding prys te gee, jou reg om oor die oortreding te loop en tob, om daaraan vas te klou en die reg om gereeld weer daaroor te praat.
Spreuke 17:9 is duidelik oor die gevolge hiervan: *Wie 'n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudings; wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende.*

Prakties: Is daar gevalle waar jy besef dat jy van jou oortreder verwag om om verskoning te vra of waar jy jouself betrap dat jy 'n gebeurtenis aanhou ophaal? Dit is tekens dat jy in 'n bepaalde geval nog nie volledig vergewe het nie. Skryf sulke voorbeelde neer soos wat die Heilige Gees jou vandag daaraan herinner, neem dit hierdie week in gebed na die Here en lê dit een vir een by Sy voete neer.

Gebed: Vader, ek bely dat U vergifnis vir my volkome is. Ek bely ook dat ek nie in alle omstandighede heelhartig vergewe nie. Ek dra elke saak wat ek neergeskryf het, wat vir my swaar is om te vergewe, aan U op. Ek bid vandag dat U my sal help om hierdie mense volkome en heelhartig te vergewe vir wat hulle gedoen het. Gee my krag om ander te vergewe soos wat U my vergewe het.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: God se vrede
Bid dat daar geen arbeidsonrus in enige sektor van die ekonomie sal wees voor en gedurende die *Wêreldbekersokkertoernooi* nie. Vra dat kwessies opgelos sal word, dat daar orde in ons land sal wees en dat ons mense oop en gewillig sal wees om die nasies van die wêreld met die liefde en getuienis van Jesus Christus te bedien.

Vrydag 12 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Ghana, Gibraltar en Griekeland deur gebed aan die Here op. Bid dat mense hulle tot God sal bekeer.

Gebedsfokus op uitreiking: *There is Hope Ministries*
There is Hope Ministries berig oor God se bonatuurlike voorsiening die afgelope jaar. Dit gaan goed met hulle *Wellness Program* op plase wat daarop fokus om mense op te hef deurdat hulle geleer word om God se waardes prakties in hulle lewens toe te pas. Hulle het ook minstens 1 000 persoonlike mentorskap e-posse die afgelope jaar deur hulle Internetbediening gestuur en ontvang en is ook geseën met die voorsiening van 'n voertuig. (*There is Hope Ministries*. Tel.: 028 271 5124. Webruimtes: www.Hope365.co.za of www.KnowingGod.co.za of e-pos: hope@hope365.co.za). Dank die Here vir Sy getrouheid en vir die beantwoording van so baie gebede oor so baie jare. Bid dat hierdie span hulle werk met moed en krag sal voortsit.

Gebedsfokus op Hollywood: Die vaderlose geslag
Hope for Homeless Youth (HHY) Ministry kom in Hollywood se besige *Walk of Fame* byeen. Hulle deel kos uit, verskaf inligting oor bedienings en nooi elke jongmens uit om terug te kom en in te skryf vir hulle een jaar dissipelskapprogram. Soos gewoonlik sal direkteur Clayton Golliher in sy slaapsak in die nabygeleë parkeerterrein slaap, net 'n paar treë van 'n aantal hawelose jongmense! Na raming bly 1,5 miljoen jongmense in Amerika op straat; elke jaar sterf 5 000 van hulle as gevolg van selfmoord, moord en 'n onbeplande oordosis dwelmmiddels,

en ten minste 40% is onwelkom by die huis. (Webruimte: http://www.hopeforhomelessyouth.org/). Kom ons loof die Here vir geleenthede soos hierdie wat hoop aan die hooploses kan bring. Bid dat lewens herstel word en dat duisende Jesus Christus sal leer ken.

Saterdag 13 Maart 2010

Beskou die lewe deur God se oë: Wat kan ek doen as ek nie lus voel om te vergewe nie?

Ons kan nie werklik beheer uitoefen oor die dade van oortreders teenoor ons nie, maar ons het wel beheer oor hoe ons oor hulle dink. Evalueer jou gedagtes oor diegene wat jou te na kom. Onthou dat jou gedagtes tot jou gevoelens lei. Slegs jy kan hierdie oefening doen, omdat slegs jy jou werklike gedagtes ken.

Prakties: Elke keer as jy agterkom jou gedagtes is besig om met jou weg te hardloop oor 'n persoon of 'n saak wat jou ontstel, bring jouself tot stilstand. Bid dat die Here jou sal help om elke gedagte gevange te neem in gehoorsaamheid aan Christus (**2 Kor.10:5**), want die wapens van ons oorlogvoering is nie vleeslik nie, maar magtig in die Here om vestings te vernietig.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat ek meestal toelaat dat negatiewe gedagtes my gevoelens beïnvloed. Vergewe my asseblief dat ek nie goddelike dissipline in hierdie aangeleentheid gebruik nie. Ek bid dat U my daaraan sal herinner om slegs te dink aan *alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, aan watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees* (**Fil.4:8**).

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi:* God se vrede

Bid vir politieke vrede in al die sektore van die regering, en dat reg en orde gehandhaaf sal word. Vra dat al die lede van die parlement en die regering met integriteit sal leef, hulle sal besig hou met die uitvoering van hulle pligte en die regte voorbeeld sal stel, veral vir die jongmense in die tydperk van die *Wêreldbekersokkertoernooi*.

Sondag 14 Maart 2010

Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n vergewensgesinde hart

'n Hart wat vergewe het, is vol vreugde en neem God se heerskappy oor alle gebeure in die lewe met blydskap en vertroue aan, selfs die pynlikes. So 'n hart glo dat God beproewings in oorwinnings kan en sál verander en is bly daaroor! Die Bybel is duidelik hieroor in **Filippense 1:18-19**: *En ek sal my ook verder verbly, want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan.*

Prakties: Maak vandag tyd om al die dinge in jou lewe neer te skryf waarin jy die goedheid, voorsiening en soewereiniteit van God kon sien, selfs onder moeilike omstandighede. Dank die Here hierna vir elkeen van die dinge wat jy neergeskryf het.

Gebed: Vader in die Hemel, ek dank U vir elke ding in my lewe waarin ek U goedheid sien en vir U barmhartigheid wat my omsluit. U seën my siel met vrede, U voorsien in my basiese behoeftes en behandel my elke dag met deernis.

Tikvry vir Jesus

Anton is 25 jaar oud en het meer as twee jaar lank TIK gebruik. Hy was by 'n slegte verhouding betrokke, wou gewig verloor, het onder straatboewe beland en op die ou end self 'n dwelmhandelaar geword. Hy was totaal vasgevang in die wêreld van misdaad, seksuele misbruik en was tot ses keer in een jaar in die tronk! Hy het onbeskaamd van sy gesin en vriende gesteel om sy verslawing te voed. Op die ou end het hy daagliks 6 gram TIK gebruik. "Toe het 'n vriend my kom help. Ek het by hom ook gesteel, maar hy het nie moed verloor met my nie en by my gebly selfs nadat ek met MIV gediagnoseer is. Hy het my aangemoedig om die Here in my lewe in te nooi en in my geskokte toestand het ek ingestem om na die *Karl Bremerhospitaal* toe te gaan om skoon te kom,

gedetoksifiseer te word. Ek het geen onttrekkingsimptome gehad nie (Prys die Here!) en GEEN begeerte om terug te gaan na my ou lewe nie! Ek het die groep *TIK FREE 4 JESUS* begin. My hart is daarin om 'n verskil te maak en om soveel moontlik mense te kry om aan te sluit om terug te veg en hulle verslawing te oorwin. Ek dank die Here vir die kans wat Hy my gegee het om my lewe om te keer en al hierdie dinge te doen sonder rehabilitasie!!" (*TIK FREE 4 JESUS*. 24 uur gebedslyn 083 331 9615. Webruimte: www.tikfree4jesus.co.za of e-pos pray4me.tikfree4jesus@gmail.com). Dank die Here vir die antwoorde op gebede oor dwelmverslawing in ons land.

Maandag 15 Maart 2010

Gebedsfokus op redding: Dwelmverslaafdes

Dra elke persoon in ons land, oud of jonk, wat aan dwelms verslaaf is, in gebed aan die Here op. Bid veral vir dié wat aan heroïen en TIK verslaaf is, dat hulle te midde van hulle omstandighede 'n persoonlike openbaring sal kry van wie Jesus is. Bid dat hulle gered sal word, dat hulle volkome van dwelms bevry sal word en dat hulle vir ander 'n getuienis sal word van God se krag en liefde.

Stadswye gebedsfokus: Dag van gebed vir die jeug en die *Wêreldbekersokkertoernooi*

Dit is nou tien jaar gelede dat die eerste *Dag van gebed en berou* in die *Nuweland Rugbystadion* in Kaapstad plaasgevind het. Bid vir die laaste voorbereidings voordat die mense gaan byeenkom om vir die komende *Wêreldbekersokkertoernooi* in die nuwe Kaapstadse Sokkerstadion te bid, vir die jeug en die nooddienste in en om die stadion by hierdie en latere sportbyeenkomste. Bid asseblief dat elke sitplek opgeneem sal word deur iemand wat werklik na God sal roep vir ons nasie en die nasies van die wêreld, wat letterlik binne die volgende maande op ons drumpel sal wees. (Kontak: Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

Dinsdag 16 Maart 2010

Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Groenland, Grenada en Guadeloupe in gebed aan die Here op. Bid dat hulle na iets meer as net hul daaglikse behoeftes sal soek en dat hulle harte sal oopgaan vir die lewende God.

Beskou die lewe deur God se oë: Vergifnis moet opgevolg word met versoening

Vergifnis fokus op die oortreding. Versoening fokus op die verhouding en wél die herstel van die verhouding. 'n Persoon kan op sy eie vergewe, terwyl versoening ten minste twee persone vereis. Vergifnis kan bv. net van een kant af kom, maar versoening is onderling en wederkerig. Vergifnis is 'n geskenk aan die een wat die vertroue geskend het, maar versoening is 'n herstelde verhouding gebaseer op 'n herstelde vertroue. Jy kan vergewe ongeag of daar 'n skuldbelydenis van die ander party is, maar vir versoening is berou oor dit wat verkeerd gedoen is, 'n vereiste.

Prakties: Mediteer in gebed oor hierdie woorde oor vergifnis en versoening. Soos die Here jou lei, skryf geleenthede neer waar jy iemand vergewe het, maar nog nie 'n poging aangewend het om met hulle versoen te raak nie. Miskien het jy jou van iemand gedistansieer sonder dat hulle geweet het waarom. Bid tot die Here om vir jou te wys hoe om hierdie situasies te hanteer. Dit beteken nie dat jy boesemvriende moet word met almal wat teenoor jou oortree het nie (bv. verkragter of moordenaar). Dit beteken net dat daar niks in jou hart tussen jou en die oortreder moet wees nie.

Gebed: Vader in die Hemel, ek weet daar is mense met wie ek my moet versoen. Wys my asseblief hoe ek hulle elkeen individueel moet benader sodat ek U Naam in elke geval kan verheerlik. Wees my genadig dat ek my in alle gevalle met ander mense kan versoen en dat hulle kan weet dat wat ek sê, opreg en uit my hart is.

Gebedsfokus op Kambodja: Seksbedryf
Duisende vroue en kinders is by sekshandel in Kambodja en Thailand betrokke. *OneHope* het 'n voorkomingsveldtog in die "groen-oes-gebiede" van stapel gestuur. Die misdaadbase van die stede gaan na die plattelandse gebiede om boere wat oningelig en arm is, se kinders en jongmense te werf. Beloftes word gemaak en die armes verkoop hulle kinders sodat hulle geld kan bekom. Bid dat die deure sal oopbly vir bediening deur *OneHope* en ander instansies. Bid vir deurbrake om arm gemeenskappe te help en dat alle vorme van sekshandel tot 'n einde sal kom. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Woensdag 17 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Guam, Gautemala en Guinee in gebed aan die Here op. Bid veral vir die totstandkoming van gebedshuise.

Fokus op gesondheid: Fetale alkoholsindroom (FAS)
Na raming word daar elke jaar 25 000 babas in Suid-Afrika met *fetale alkoholsindroom (FAS)* gebore – die hoogste aangetekende voorkoms ter wêreld. Hierdie toestand word veroorsaak wanneer vroue alkohol tydens hul swangerskap misbruik en is een van die hoof-oorsake van ernstige verstandelike gebreke en vertraagde fisiese groei by babas in Suid-Afrika. *FAS* kom in alle rasse en alle sosio-ekonomiese klasse voor. Plattelandse gebiede in die Wes-Kaap en dorpe in die Noord-Kaap is van die gebiede wat die swaarste deur die toestand getref word. De Aar het die hoogste aangetekende voorkoms, met 122 babas vir elke 1 000 lewende geboortes. (Webruimte: http://health.iafrica.com/healthnews/1911840.htm). Dra hierdie saak in gebed aan die Here op. Bid dat hierdie onomkeerbare gestremdheid as een van die grootste gesondheidsprobleme tot 'n einde sal kom en permanent van ons land se gesondheidsrisiko's verwyder sal word.

Gebedsfokus op Bybelvertaling: *Faith Comes By Hearing*
Navorsing toon dat daar meer as 6 800 tale in die wêreld gepraat word en die helfte van die wêreldbevolking ongeletterd is. *Faith Comes By Hearing* bring die Woord van God aan elke nasie, stam en taal en kom al nader aan hulle doelwit om teen die jaar 2016 die Nuwe Testament in 2 000 tale opgeneem te hê asook om twee miljoen Bybelluistergroepe tot stand te bring. Dank die Here vir die 439 klankopnames van die Skrif wat tans in 371 tale beskikbaar is. (Webruimte: www.FaithComesByHearing.com of e-pos: info@fcbhmail.org). Dank die Here vir hierdie vordering met die vertaling van die Bybel. Gaan voort om God te vra vir guns om hierdie projekte te voltooi, selfs voor die beoogde tyd, sodat baie kan hoor en Christus kan volg.

Donderdag 18 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Guinee-Bissau, Guyana and Haïti in gebed aan die Here op. Bid vir die redding van leiers op al die terreine van die samelewing.

Beskou die lewe deur God se oë: Hoe kan ek op 'n Christelike wyse reageer as ek onbillik behandel word?
Daar is nie 'n maklike antwoord op hierdie vraag nie. Ons kan en moet maar net na Christus se optrede kyk. Hy het onregverdig gely om die straf vir my sondes te betaal, sodat ek volkome vergewe kan wees. Daarom, noudat ek 'n ware Christen geword het, vertrou ek op Christus (wat in my woon) om my in staat te stel om my onregverdige lyding te verduur, maar selfs meer as dit, om diegene te vergewe wat my sleg behandel. Wees seker oor hierdie saak, elke ware Christen word "geroep" om te ly, maar saam met daardie swaarkry kom daar altyd 'n seën, **1 Petrus 2:19-23**: *Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees ... maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in Sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar geen leuen gekom nie. Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.*

Prakties: Praat weer 'n keer met God spesifiek oor hierdie saak, oor hoe om te reageer as jy onregverdig behandel word. Vra dat Hy die dieper betekenis van **1 Petrus 2:19-23** aan jou sal openbaar en hoe dit op jou lewe betrekking het. Vra ook vir Hom hoe jy prakties 'n lewe van vergifnis moet lewe en hoe om nie te na gekom te voel as jy beledig word of onregverdig behandel word nie.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat ek nie altyd weet hoe om te reageer as ek beledig word of onbillik behandel word nie. Help my asseblief van nou af om so te reageer dat ek U sal eer en daardeur getuienis sal gee dat U in my lewe regeer.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Mensehandel
Bid oor al die vorme van mensehandel, prostitusie, pornografie en seksuele onsedelikheid gedurende die *Wêreldbekersokkertoernooi*. Vra dat die Heilige Gees persone wat hierby betrokke is, van sonde sal oortuig, sodat hulle sal kan verstaan wat hulle besig is om te doen en dat hulle daarna sal verlang om hulle lewens met God reg te maak. Bid veral vir prostitute wat geld bitter nodig het, dat die Here hulle sal help om hulle lewens te verander en 'n nuwe begin te maak.

Vrydag 19 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Honduras, Hongkong and Hongarye deur gebed aan die Here op. Bid dat invloedryke leiers hulle tot Jesus sal bekeer.

Gebedsfokus op gesondheid: SA span ontdek hartsiekte-geen
Internasionale en Suid-Afrikaanse navorsers het na 30 jaar die defektiewe geen geïdentifiseer wat 'n tipe oorerflike hartsiekte bekend as *progressiewe familiële hartblokkasie (PFHB) tipe I* veroorsaak. Dit affekteer die elektriese sisteem van die hart, in teenstelling met ander siektes wat die orgaan se bloedvate aantas. Die ontdekking is 'n deurbraak vir die Suid-Afrikaanse mediese wetenskap, omdat dit hoop gee aan lyers wat nou vooraf inligting oor hulle toestand kan kry en dan die nodige behandeling kan ontvang. (Webruimte: http://medical.bizcommunity.com/Article/196/328/39943.html). Dank die Here vir antwoorde op gebede vir mediese deurbrake van dié aard. Hou aan met bid dat die navorsing voltooi sal word en binnekort beskikbaar sal wees.

Stadswye gebedsfokus: Dag van Gebed vir die jeug en die *Wêreldbekersokkertoernooi*
Oor drie dae sal dit 10 jaar gelede wees dat die eerste *Dag van gebed en berou* in die *Nuweland Rugbystadion* in Kaapstad gehou is. Bid vir die finale reëlings en voorspoedige reise wanneer mense na die gebedsbyeenkoms kom. Wil jy nie ander aanmoedig om in gebed bymekaar te kom en te vra dat die Here sy Gees oor ons nasie sal uitstort nie? (Kontak: Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

Saterdag 20 Maart 2010
Beskou die lewe deur God se oë: Hoekom moet ek van onvergewensgesindheid ontslae raak?
Wanneer ons weier om te vergewe, hou ons onvergewensgesindheid ons emosioneel gevange tussen sowel die oortreding as die oortreder. 'n Voortgesette weiering om te vergewe grawe 'n diep graf waarin jy maklik jou verharde hart kan wegsteek. Om ander te blameer is 'n gewilde manier om jou gebrek aan vergewing te regverdig. Wanneer ons sloer om te vergewe, word ons, eienaardig genoeg, soos ons oortreder (maar is blind daarvoor). Om nie ons oortreder te vergewe nie, is 'n oortreding teenoor die Here en daardeur word onsself 'n oortreder voor God! *Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang* (**Spr.28:13**).

Prakties: Dink vandag 'n bietjie daaraan of jy ander blameer. Voel jy soms gefrustreerd en woedend vir 'n oortreder? Dink aan hoe hierdie gevoelens jou geluk beïnvloed, en bid tot die Here dat jy by die stadium sal kom waar jy wil vergewe en álle bitterheid wil laat vaar.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat ek blý talm om te vergewe, omdat ek sekere oortredings wat steeds helder in my gedagtes is, net nie kan laat los nie. Vandag vra ek U om in my hart en gedagtes te werk en U goedheid aan my te openbaar. Ek neem 'n stap in geloof deur te bely dat ek nie langer oortredings in my hart wil herberg of wil sloer om my oortreders te vergewe nie.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Tyd om te bid
Bid dat die Heilige Gees die harte van Christene sal aanraak om meer tyd in gebed deur te bring voor en gedurende die *Wêreldbekersokkertoernooi*. Bid dat die Gees van gebed en smeking uitgestort sal word sodat mense uit alle nasies, veral die besoekers, die Naam van die Here sal aanroep om sy Gees oor alle vlees uit te stort, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook op hulle familielede by die huis.

Sondag 21 Maart 2010
Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n hart wat vergewe?
Dit is 'n hart vol vrede, 'n hart daarop ingestel om alle probleme, seerkry en verdeeldheid op te los en 'n innerlike begeerte dat die oortreder deur God geseën sal wees. As ons werklik vrede gemaak het met ons oortreders, is hulle minder op hulle hoede teenoor ons en word die weg gebaan vir versoening. Die Skrif is duidelik hieroor in **Jakobus 3:18**: *Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding tot God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.*

Prakties: Skryf al die kere neer wat jy kan onthou dat jy 'n spesiale poging aangewend het om 'n probleem wat tussen jou en 'n ander persoon bestaan het, te probeer oplos. Skryf neer hoe dit uiteindelik gebeur het dat jou verhouding/vriendskap met daardie persone herstel is. Dank die Here vandag dat Hy aktief in jou lewe werk tot Sy verheerliking.

Gebed: Vader in die Hemel, ek prys U Naam vir elke keer dat U in my hart en gedagtes gewerk het om vrede te bewerk met hulle wat teenoor my oortree het. Dankie dat U die verhouding/vriendskap met hierdie mense volkome herstel het. Dankie dat U vir my maniere gewys het waarop ek U Naam kan verheerlik.

Beplan vooruit vir die *Wêreld Biddag van Gebed* op 23 Mei 2010: Webruimte: www.globaldayofprayer.com

Nasionale Gebedsfokus: Negatiewe leefstyl neigings

Die wêreld vandag en ook ons in Suid-Afrika, neig al meer na 'n hedonistiese leefstyl wat beteken ons wil *hier en nou bevrediging* hê. Ons wil nie wag nie en die konsekwensies is nie belangrik nie – ons wil nie die toekoms in ag neem nie.

1. *Dit beteken dat ons vrye seks beoefen* – so leer die Afrikaanse en Engelse sepies ons. Verhoudings is vir ons eie bevrediging en nie noodwendig langtermyn nie. Seks voor die huwelik is nie verkeerd nie, dit is 'n persoonlike keuse vir 'n leefstyl en niemand moet ons daaroor veroordeel nie. *Bid dat mense se oë sal oopgaan om die waarheid raak te sien en definitiewe veranderinge in hul lewens aan te bring om heilig te leef.*

2. *Vryheid van spraak en keuse* is belangrik. Ons kan sê wat ons wil. Mý mening is net so belangrik as enige ander persoon se mening. Ons kies wat ons wil glo en soos wat ons dit graag wil glo. En wat ons glo, maak ons sodat dit ons pas, sodat dit ons leefstyl regverdig. Dit lei daartoe dat ons glo dat ons lewens geen konsekwensies het nie en dat daar geen absolute waarheid is nie. *Bid dat mense weer sal begin om ander se behoeftes en gevoelens in ag te neem en nie net vir hulself te leef nie. Vra dat mense opnuut die absolute waarheid van wie God is, soos Hy Homself deur Sy Woord en karakter openbaar, sal besef.*

3. Ons leef met 'n *verbruikersingesteldheid/mentaliteit*. Ons gebruik wat ons wil, soveel as wat ons wil en as ons daarmee klaar is, gooi ons dit weg. Ongeag of dit mense en verhoudings of besittings is. As 'n verhouding nie werk nie, raak ons van die ander persoon ontslae, as die werk ons nie pas nie, soek ons ander werk. Lojaliteit is opsioneel. *Bid dat mense selfsug en selfbeheptheid in hul lewens sal erken en drasties begin om hul lewensstyl te verander. Vra vir 'n groter gewilligheid by mense om self te verander, ander te help en goeie rentmeesters van besittings en tyd te wees.*

4. Daar is *toenemende skeptisisme* oor God en die afgooi van elke juk wat sê daar is sekere dinge wat ons nie mag doen nie. Ons wil nie dat iemand ons "oordeel" oor ons gedrag nie, daarom *maak* ons vir ons 'n leefstyl waar God nie nodig is nie en waar daar nie plek vir God is nie. So word baie mense morele ateïste: Ek is 'n ateïs omdat dit my leefstyl pas, maar as ek God nodig het, moet Hy daar wees vir my. *Bid dat mense areas in hul lewens sal raaksien waar hulle God uitsluit en dan terselfdertyd beskuldig dat Hy nie betrokke is nie. Vra dat 'n begeerte om heilig en eerlik te leef, opnuut in harte sal herleef.*

5. *Daar is soveel vrae*: So baie sê hulle glo nie in God of in straf vir sonde of dat iets sonde is nie. Nou is die vraag: wat is dit wat ons wél glo? Is dit wat ons glo genoeg om van te lewe, bevredig dit? Is dit wat ek doen regtig sonder konsekwensies of is daar 'n plek waar ons verantwoording sal doen oor dit wat ons gedoen het? Is daar iets soos 'n riglyn, maatstaf, onafhanklike waarheid, wat bo ons eie of ander se menings vas staan? Is daar 'n God wat 'n plan met ons lewe het, of kan ons maar net met ons lewens doen wat ons wil? Is daar regtig 'n hemel en 'n hel? *Bid dat mense meer en meer hierdie vrae vir hulself sal vra en dat God deur Sy Heilige Gees elkeen sal begelei sodat hulle by die waarheid sal uitkom te midde van 'n wêreld vol antwoorde wat nie werk nie.*

6. *As Christene sê ons:* Daar is 'n God, daar is 'n plek waar ons verantwoording moet doen vir dit wat ons gedoen het. Elke mens het die reg om te kies maar ons keuse hét konsekwensies. Daar is iets soos waarheid wat onafhanklik van ons eie menings is. Christene sê daar is net een regte pad en elke ander pad is verkeerd. Die Bybel is die enigste plek/boek waar ons kan leer wat reg en verkeerd is. Ons glo dat daar net een waarheid is en net een ware God (maar baie afgode). Ons glo dat Jesus die enigste Verlosser is. Ons glo dat daar 'n hemel *én* 'n hel is. *Bid dat God mense se harte opnuut sal aanraak om hul lewens aan Hom oor te gee, Hom te vertrou en Sy leiding te vertrou, veral wanneer hulle vrae vra wat moeilik is om te antwoord.*

7. In hierdie sin is die Christelike godsdiens 'n 'ontoegeeflike' godsdiens, daar is nie 'n plek wat ons kan kies wat vir ons waar is nie, 'n *spyskaart-leefstyl en denke* waar ons kan uitkies wat vir ons lekker gaan wees en wat vir ons pas nie. In die Christen se lewe is daar nie plek vir dobbel nie (Lotto en al die variante daarvan), vrye seks en immoraliteit, prostitusie en homoseksualisme, "everything goes", 'n lewe sonder konsekwensies nie. Daar is nie plek vir rassehaat, omkopery of enige vorm van onetiese optrede en uitbuit van ander mense nie. Daar is nie plek vir veroordeling, liefdeloosheid en onvergewensgesindheid nie. *Bid vir die vrees van God om terug te keer in die harte van mense, maar veral Christene. Dat mense hulle eie lewens in heroënskou sal neem, erken waar hulle verkeerd is en hul persoonlike verhouding met God en ook ander individue sal regmaak soos die Heilige Gees hulle lei.*

Maandag 22 Maart 2010

Gebedsfokus op redding: Gay en lesbiese persone

Vandat huwelike tussen persone van dieselfde geslag in Suid-Afrika gewettig is, het baie van hierdie egpare reeds geskei. Bid vir gay en lesbiese mense, dat hulle Jesus sal vind as die oplossing vir hulle worsteling en hulle diep behoefte om liefgehê en aanvaar te word. Bid vir hulle vir verlossing: dat die Here se liefde hulle sal versterk en van hulle innerlike stryd sal verlos.

Stadswye Gebedsbyeenkoms: Dag van gebed vir die jeug en die *Wêreldbekersokkertoernooi*
Dit is nou tien jaar gelede dat die eerste *Dag van gebed en berou* in die *Nuweland Rugbystadion* in Kaapstad plaasgevind het. Dank aan die Here vir Sy getrouheid om die afgelope tien jaar Sy huis van gebed in al die nasies van die aarde te bou. Staan verenig in gebed (13:00-16:00 vandag) saam met dié wat na die nuwe Kaapstadse Stadion toe gaan. Roep tot die Here vir ons nasie en die nasies wat binnekort na Suid-Afrika gaan kom, dat bowenal, almal die geleentheid sal kry om van Christus te hoor en Hom te vind. (Kontak Antinia de Waal by tel.: 021 856 3130 of faks: 021 856 1174 en e-pos: cape@gdop-sa.com).

Gebedsfokus op rentmeesterskap: Wêreldwaterdag 2010
Elke jaar word daar 1 500 kubieke kilometer afvalwater wêreldwyd geproduseer. Terwyl afval en afvalwater produktief hergebruik kan word vir besproeiing en energie, gebeur dit gewoonlik nie. Die oorhoofse doel van *Wêreldwaterdag* is om die profiel van die waterkwaliteit te verhoog sodat die waterkwaliteit as net so belangrik as waterkwantiteit geag sal word. (Webruimte: http://www.worldwaterday.org/page/2536). Deel daarvan om rentmeesters van die omgewing te wees, is om hulpbronne soos water doeltreffend te bestuur. Bid dat Gelowiges in regerings wêreldwyd die verantwoordelikheid sal opneem en die Here vir doeltreffende oplossings sal vertrou.

Dinsdag 23 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Ysland, Indië en Indonesië in gebed aan die Here op. Bid vir 'n honger en 'n dors om die Woord van God te bestudeer, te bid en te verkondig.

Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n hart wat weier om te vergewe
Veroordelend, is voortdurend gefokus op wandade wat die oortreder in die verlede begaan het. Kritiek (ontoegeeflikheid oor enige foute wat die oortreder begaan) gaan hand aan hand met veroordelende optrede. **Lukas 6:37** is duidelik: *moenie oordeel nie ... moenie veroordeel nie ... spreek vry en julle sal vrygespreek word.* Jy 'veroordeel' wanneer jy mense se foute en sondes op 'n meerderwaardige wyse uitwys, omdat jy jouself in 'n beter posisie wil plaas, terwyl jy neerkyk op ander. Maar wanneer 'n Christen die evangelie verkondig en oor sonde praat, is dit nie noodwendig 'veroordelend' nie – dit is om 'n maatstaf neer te sit, te verklaar: 'dit is wat God se Woord sê oor wat reg en verkeerd is', en die oortuiging dan aan die Heilige Gees oor te laat.

Prakties: Deursoek jou hart vir enige veroordelende gesindheid teenoor jou oortreders. Is jy onverdraagsaam teenoor hulle veral wanneer jy in hulle teenwoordigheid verkeer? Wees dapper, skryf hierdie dinge neer sodat jy seker kan wees dat jy met elkeen afreken, en jou gewete skoon kan wees om in die regte verhouding met die Here te leef.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat ek oor die algemeen krities en veroordelend is teenoor ander. Vergewe my my eiegeregtigheid en verkleinering van ander. Vandag bid ek dat U my sal help om my lewe te verander. Wys vir my elke keer as ek ander verkleineer, veral in hulle teenwoordigheid.

Gebedsfokus op Indië: Die Sjerpavolk
Die Sjerpas is warm, vriendelike, goedhartige en vrygewige mense. Hulle reaksie op die evangelie is egter baie stadig. Prys die Here vir 'n klein groepie Gelowiges onder hierdie mensegroep. Bid dat die Here hulle sal versterk, bemoedig en beskerm. Klein dele van die Bybel is in hulle taal beskikbaar. Bid dat meer gedeeltes van die Skrif in hulle taal vertaal sal word, en dat die Heilige Gees meer Sjerpas sal voorberei om nuwe lewe in Christus te ontvang. (*Wycliffe Prayer Focus* Bulletin, e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Woensdag 24 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Iran, Irak, Ierland en Israel in gebed aan die Here op. Bid dat die Here se wil op aarde sal geskied net soos in die hemel.

Gebedsfokus op gevangenisse: *Kairos gevangenisbediening*
Kairos Prison Ministry het tien jaar gelede in die Pollsmoor Gevangenis in Suid-Afrika onder leiding van vrywilligers van *Kairos International* in Amerika begin. Vandag is daar nog steeds 'n aantal van daardie vrywilligers aktief in die bediening, saam met ongeveer 550 onbetaalde Christen-vrywilligers van alle rasse en denominasies in Suid-Afrika. Dank die Here nie alleen vir die verandering van lewens binne die gevangenismure nie, maar ook vir die verandering in die lewens van diegene wat Sy liefde en genade aan die gevangenes en hulle families verkondig. Bid vir hierdie en ander bedienings wat in ons gevangenisse werk om guns te verkry om die evangelie met gevangenes te deel. (*Kairos Prison Ministry*. Tel.: 083 308 9573. Webruimte: www.kairosministry.co.za of e-pos: andrepot@yebo.co.za).

Sending fokus: *OM Ships International*
Gebed speel 'n sentrale rol in *OM Ships International* en is die grondslag van alles waarby die bemanning betrokke is. Verenig in gebed saam met hulle en bid dat God in vyf kernareas sal optree: (1) Bid vir genoeg bemanningslede om aan boord te werk, veral genoeg gekwalifiseerde dek- en ingenieursbemanningslede om die skepe van hawe tot hawe te bring. (2) Bid dat die besoekers aan die skepe die liefde van God sal ervaar wanneer hulle aan boord kom. (3) Bid dat deure vir die bemanning sal oopgaan om mense in baie verskillende lande te kan bedien. (4) Bid dat die Here sal voorsien op die terrein van finansies. (5) Bid vir goeie verhoudings met die plaaslike kerk. Hulle ondersteuning en vennootskap is onontbeerlik vir die opvolgkontakte wat die bemanning reël. (*OM Ships International*. Webruimte: http://www.omships.org/ of e-pos: info@omships.org).

Donderdag 25 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Italië, Jamaika, Japan, Jordanië and Kzakhstan in gebed aan die Here op. Bid vir 'n toename in dag-en-nag-gebed in elke gehuggie, dorp en stad.

Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n onvergewensgesinde hart?
Genadeloos, herhaal die redes oor en oor waarom die oortreder nie enige genade verdien nie. Veragting (kyk sonder enige ontferming op die oortreder neer) gaan hand aan hand met onbarmhartigheid. **Jakobus 2:13** is duidelik hieroor: *Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.*

Prakties: Ondersoek jou hart deurlopend vir die kere dat jy miskien neersien op ander of dat redes by jou opkom waarom hulle verdien om gestraf te word. Kweek die gewoonte aan om dinge neer te skryf wat God aan jou openbaar sodat jy aandag aan elkeen kan gee wanneer jy in gebed by die voete van die Here sit.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat ek onbarmhartig is en dat ek met minagting na mense rondom my kyk, selfs vir onbeduidende dinge wat hulle elke dag doen. Ek wil hierdie kwaadwilligheid in my hart laat vaar. Toon asseblief duidelik vir my wanneer ek in my daaglikse omgang myself bo ander mense verhef.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Waak in gebed
Bid dat Gelowiges oral by 'n gebedswaak naby hulle sal aansluit om gedurende hierdie tyd vir die verlorenes te bid. Vra dat baie meer gebedskettings tot stand sal kom wat dag en nag sal bid. Bid ook dat daar oral gebedskamers oopgemaak sal word en dat Gelowiges gebedsbyeenkomste sal hou: by kerke, huise, winkelsentrums, polisiestasies, op treine, selfs in vliegtuie en so meer.

Vrydag 26 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Kenia, Kiribati, Koeweit and Kirghizstan deur gebed aan die Here op. Bid dat mense die liefde van God sal verstaan en sal kies om Hom te volg.

Gebedsfokus op misdaad: SMS-wenkinisiatief
Die *Misdaadlyn (Crime Line)* is in Junie 2007 begin. Die doel is om kriminele van die straat af te kry. Hierdie projek het die goedkeuring van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS)*. As iemand vermoed dat 'n ander persoon (selfs familie of vriende) by misdaad betrokke is, kan hy of sy dit anoniem rapporteer. Enige inligting oor misdadigers wat aan *Crime Line* oorgedra word, sal opgevolg word – of die oortreders nou moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendelede, kindermolesteerders, ensovoorts is. (Stuur 'n SMS na 32211 of besoek www.crimeline.co.za om anonieme wenke oor enige misdaad of verdagte optrede te stuur.) Dank die Here vir inisiatiewe van hierdie aard in antwoord op baie gebede oor die jare! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief en dat kriminele tereg sal staan vir hulle dade. Bid ook vir die redding van misdadigers.

Saterdag 27 Maart 2010
Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n onvergewensgesinde hart?
Wrewelrig, dit hou nie daarvan dat die oortreder enige sukses behaal nie. Afguns (begeer die prestasies van die oortreder vir hulleself) gaan hand aan hand met wrewel. **Job 5:2** is duidelik hieroor: *Verbitterdheid maak 'n dwaas dood, onbeheersdheid vernietig 'n onverstandige.*

Prakties: Vra vir die Here om in die loop van die dag vir jou enige verbittering teenoor ander mense te toon, selfs al is dit net in jou hart weggesteek. Is jy bly as hulle sukses behaal of iets regkry wat jy nie kon regkry nie? Indien nie, kan dit 'n aanduiding wees dat jy afguns in jou hart omdra. Skryf dit neer en neem dit deur gebed na die Here.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bely dat daar dikwels wrewel en naywer jeens ander mense in my hart is, baie meer as wat ek verwag het! Vergewe asseblief my onbewustheid van hierdie opsigtelike sondes in my lewe. Ek het vandag berou daaroor en wil na U stem luister wat hierdie dinge in my lewe vir my wys. Help my om alle wrewel en afguns uit my lewe te weer!

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Bly op jou pos
Bid dat Gelowiges hulleself volgens gebedsroosters sal organiseer om vir die verskillende wedstryde te bid soos wat dit gespeel word. Vra dat Gelowiges ook vir al die verskillende evangelisasie- en uitreikprogramme sal bid en dat daar geestelike deurbrake in die harte en lewens van die mense sal kom.

Getuienis uit Somalië

Volgens 'n berig in *Compass Direct News* het 'n Islamitiese ekstremis op 28 September 2009, vir Mariam Muhina Hussein, 'n ondergrondse kerkleier in Somalië, doodgeskiet nadat 6 Bybels in haar besit gevind is. Volgens die berig het 'n leier van die Islamitiese ekstremistegroep, *al Shabaab*, die dag voor die skietvoorval sy vrou gestuur om Hussein in haar huis in die dorpie Marerey te gaan besoek. Sy het voorgegee dat sy belangstel om meer oor die Christendom te leer. Gedurende die besoek het Hussein gedeeltes uit die Bybel gelees en die vrou genooi om haar gereeld te kom besoek om die Woord van God te bestudeer. Die volgende dag is die *al Shabaab*-leier, saam met 'n groepie mans, na Hussein se huis en het vir haar 'n Bybel gevra. Toe Hussein vir hom een gee, het hy gesê dat hy op soek was na "Christene wat die Islamitiese godsdiens beswadder" en haar beveel om vir hom die ander Bybels in haar besit te wys. Nadat sy die Bybels oorhandig het, het hy haar drie keer geskiet. Sy was dadelik dood. *Prys die Here vir die getrouheid van hierdie vrou. Bid dat die Here vervolgde Christene sal bemoedig en versterk wanneer hulle teregstaan vir hulle Christelike getuienis. Bid ook dat die Here vervolgers (ook hierdie ekstremis en sy vrou) in 'n verhouding met Hom sal intrek en vir hulle die geleentheid sal gee om hulle te bekeer en gered te word.* (Webruimte: http://www.compassdirect.org/).

Sondag 28 Maart 2010

Beskou die lewe deur God se oë: Hoe lyk 'n vergewensgesinde hart?

Goedhartig, altyd op die uitkyk vir praktiese maniere om goeie dinge te doen en in ander se behoeftes te voorsien, veral diegene wat jou te na kom, deur met 'n teenoorgestelde gesindheid op te tree. Die Skrif sê dit duidelik in **2 Petrus 1:7-8**: ... *(verryk) die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense. As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus beter leer ken.*

Prakties: Vra vir die Here om vir jou te wys waar jou goeie dade aan ander mense hulle harte verander het tot die verheerliking van Sy Naam. Skryf dit neer as erkenning aan God se Gees wat in en deur jou werk. Dank die Here dat Hy jou gehelp het om Sy liefde aan ander te wys deurdat jy in hulle praktiese en fisiese behoeftes voorsien het, hetsy klein of groot.

Gebed: Vader in die Hemel, dankie dat U my so dikwels aanpor om goed aan ander te doen, veral vir mense van wie ek nie hou nie of van wie ek weet dat hulle nie van my hou nie. Dankie dat U hulle harte verander het en U naam verheerlik is omdat ek aan hulle liefde betoon het.

Maandag 29 Maart 2010

Gebedsfokus op redding: Bendeleiers en -lede

Bid vir die jongmense wat by bendebedrywighede in ons land betrokke is. Vra die Here om hulle oë oop te maak vir Sy liefde en ontferming en Sy wil in hulle lewens. Bid dat baie van hulle hulle lewens aan Christus sal oorgee en 'n lewende blywende getuienis van God se liefde in hulle lewens sal word.

Gebedsfokus op moraliteit: Fliekgangers verkies skoon films

The Family Guide to Movies and Entertainment het aangekondig dat 'n driejaar-studie van die top 25 films wat in 2006-2008 vrygestel is en wat die meeste geld oorsee verdien het, daarop wys dat internasionale fliekgangers films verkies met sterk of baie sterk Christelike of morele waardes en selfs inhoud oor geestelike redding. Hierdie studie stem ooreen met die jaarlikse studie van die 25 gewildste rolprente by kaartjieskantore in Amerika en Kanada en die top jaarlikse verkope van tuisvideo's. *The Movieguide*® het gevind dat 20 van die 25 gewildste rolprente oorsee in 2006-2008 (80%) sterk of baie sterk Christelike of morele waardes bevat en selfs oor geestelike redding handel en ook Bybelse inhoud bevat. (*Breaking Christian News*, 310 2nd Ave SE, Albany, Oregon 97321. Tel.: 541 928 2642. E-pos: editor@breakingchristiannews.com). Dank die Here vir hierdie bevindings. Bid dat filmvervaardigers hulle aanslag sal verander en dat deurbrake vir die evangelie in die filmwêreld gesien sal word.

Dinsdag 30 Maart 2010

Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Laos, Letland, Libanon and Lesotho in gebed aan die Here op. Bid dat Jesus Hom in drome en visioene aan mense sal openbaar.

Beskou die lewe deur die oë van die Here: Hoe lyk 'n vergewensgesinde hart?

Getrou in voorbidding vir hulle wat jou pyn veroorsaak het sodat hulle lewens ook kan verander. So 'n persoon begeer nie dat hulle sal ondergaan nie, maar eerder dat hulle tot 'n beter insig sal kom van God se liefde vir hulle as persoon. Die Skrif is duidelik: **Lukas 6:27** sê: *Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word, seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.*

Prakties: Vra vir die Here hoe jy vir mense moet bid wat jy vergewe het. Luister na Sy stem ten opsigte van elkeen. Vra Hom om jou gereeld daaraan te herinner om vir elkeen te bid sodat hulle nader aan Jesus as hulle Verlosser kan groei.

Gebed: Vader in die Hemel, ek bid vir almal wat teen my oortree of oortree het. Wys asseblief vir my hoe ek U wil en doel doeltreffend in hierdie mense se lewens kan inbid. Help my ook om meer en meer deernis vir hulle te hê.

Gebedsfokus op Israel: Viering van die tradisionele Paasfees
Die Joodse volk herdenk Paasfees van 31 Maart tot 6 April 2010. In hierdie tyd dink hulle aan hulle verlossing uit Egipte. Hulle vier die Paasfees, die fees van die ongesuurde brood en die fees van die eerste vrugte. Laat ons ook in hierdie tyd bid dat die Joodse volk tot 'n begrip sal kom van wat Jesus Christus op Golgota gedoen het en van sy opstanding as die eerste vrug uit die dood. Bid dat Joodse harte reg oor die wêreld oop en ontvanklik sal wees vir die boodskap van die evangelie. (*Christian Friends of Israel.* Tel.: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net). Bid ook dat mense van ander nasies wat in Israel woon, Jesus op hierdie manier sal leer ken.

Woensdag 31 Maart 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Liberië, Libië, Liechtenstein en Litaue deur gebed aan die Here op. Bid dat die mense God se stem sal hoor, sal luister en gehoorsaam.

Fokus op gebed: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ons dank die Here vir die instandhouding en opbou van die werk van gebed in die Kerk en onder die nasies van die wêreld gedurende die afgelope 10 jaar. Baie video's wat mense aanspoor om te bid, is na vastelande en nasies uitgestuur en het 'n geestelike en praktiese impak op die harte en in gedagtes van mense gemaak. God het baie gemeenskappe aangeraak en begin verander. Ons dank Hom vir Sy voorsiening, vir die beantwoording van almal se gebede, vir die stuur van die regte mense met die regte vaardighede op die regte tyd. Hou aan bid dat die Here mense deur sy Heilige Gees sal aanraak en dat Hy herlewing wêreldwyd in die kerk teweeg sal bring. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*. Tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Donderdag 1 April 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Dra Luxemburg, Macau, Macedonië en Madagaskar in gebed aan die Here op. Bid vir 'n honger en dors om God se Woord te bestudeer, te bid en te verkondig.

Beskou die lewe in en deur God: Hoe vergewe ek myself?
Vir die meeste van ons is die heel moeilikste ding om te doen, om onsself te vergewe. Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, is daar geen manier waarop jy dit ongedaan kan maak of kan verander nie. Baie mense word baie kwaad vir hulleself en vind dit onmoontlik om hulleself vir hulle foute te vergewe.

Prakties: Die enigste manier om jouself te vergewe is om vir die Here te vra wat Hy oor hierdie saak sê. Nadat jy God om vergifnis gevra het, is dit belangrik om die sonde/ding wat jy verkeerd gedoen het, te skei van jouself as kind van God. Paulus skryf in **Romeine 7:19-21** oor hierdie geheimsinnige, voortdurende stryd in die innerlike mens: *Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte.*

Gebed: Hemelse Vader, ek besef dat U my vergewe het vir hierdie ding wat ek gedoen het. Ek sukkel om myself te vergewe. Help my asseblief om myself deur U oë te sien. Ek kies in U Naam en met U hulp om myself te vergewe. Ek neem nou 1 Joh.1:9 vir myself, en glo dat ek van alle ongeregtighede gereinig is.

Gebedsfokus op Moriabyeenkomste by Polokwane
Letterlik honderde duisende mense van die ZCC gaan by Moria byeenkom vir die Paasfeesviering. Bid asseblief teen enige vorm van misleiding en dat Jesus as die enigste Verlosser erken sal word. Bid dat die skares 'n duidelike begrip van die Drie-enige God; Vader, Seun Jesus Christus en Heilige Gees sal kry.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Veiligheid
Bid dat besoekers aan Suid-Afrika veilig sal reis en dat daar geen voorvalle van misdaad, aanranding en roof, kaping, moord of noodlottige ongelukke sal wees nie. Bid dat die polisie en alle sekuriteitspersoneel in staat sal wees om alle situasies met groot wysheid en regverdige gesag te hanteer, en dat hulle self ook veilig sal wees.

Vrydag 2 April 2010
Gebedsfokus op die *Wêrelddag van Gebed*: Bid vir Malawi, Maleisië, Maledive en Mali. Vra vir 'n toename in dag-en-nag-gebed in elke gehuggie, dorp en stad.

Gebedsfokus op Paasfees: Goeie Vrydag
Vandag is Goeie Vrydag. Bid dat God vandag die harte en verstand van miljoene mense in Suid-Afrika sal aanraak en hulle 'n hernude besef sal gee van die ontsaglike geskenk van lewe wat hulle ontvang het. Vra dat baie God se genade sal verstaan. Bid dat baie oë oopgemaak sal word en dat duisende van die duisternis na die lig sal draai – weg van die mag van Satan na God, sodat hulle vergifnis van sonde sal ontvang en 'n plek onder diegene wat heilig gemaak is deur hulle geloof in Christus (**Hand.26:18**). Kerke in swart gemeenskappe vier van vandag tot Sondag 'n fees wat hulle *Pasika* noem. Bid asseblief vir 'n spesiale aanraking van God tydens hierdie byeenkomste.

Artikel: Onthou die fonteinte van herlewing van ouds: 3-12 April 2010

Terwyl ons die 150e jaar herdenk sedert die 1860 herlewing in Suid-Afrika, moedig ons mense aan om met hernude erns te bid vir herlewing in ons land. Vanaf 3-12 April nooi ons Gelowiges vanuit al daardie dorpe en stede wat oor die afgelope 350 jaar herlewing in Suid-Afrika beleef het om spesiale gebedsinisiatiewe te begin, om God te vra om Hom weer oor ons te ontferm en weer herlewing in hierdie dorpe te gee.

By *Jerigo Mure* kon ons 74 stede en dorpe wat herlewing beleef het oor die afgelope 150 jaar, opspoor. Daar is seker meer, maar hierdie is dié waarvan ons op die oomblik weet. Die lys is op aanvraag beskikbaar. As jy weet van herlewing in dorpe wat nie op die lys is nie, laat asb vir ons weet sodat ons dit kan byvoeg. Jy kan ons ook kontak as jy wil weet of daar alreeds iemand van jou dorp of stad is wat te kenne gegee het dat hy/sy betrokke wil wees by hierdie inisiatief. Kontak Anneke Hanekom by tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214 of e-pos: info@global24-7.org

Wat om gedurende hierdie 10 dae te doen:

1. Vind 'n groep mense (verkieslik van verskillende denominasies) en beplan om elke dag vir 10 dae lank te bid vir jou dorp/stad. Jy kan saam met ander die gebedsaanwysings in die *Jerigo Mure* gebedsgids gebruik.
2. Dank die Here vir Sy groot dade in die verlede en vra Hom om dit weer in jou gemeenskap te doen. (**Jes.64:1-5; Ps.85:6**).
3. Lees **Handelinge 2:17-21** en bid volgens hierdie verse dat God weer Sy Gees oor jou stad/dorp sal uitstort en die ou bronne van herlewing weer sal oopmaak.
4. Waar moontlik oorweeg dit om 'n 24/7 gebedskamer of gebedsmuur (skedule) op te stel om die hele 10 dae lank te bid. Oorweeg 'n sentrale plek waar alle kerke kan saamkom om te bid.

5.	Besoek weer die verskillende plekke in jou stad/dorp/gemeenskap waar jy weet vorige herlewings begin het. As jy onseker is, kontak *Jerigo Mure* of doen 'n bietjie navorsing oor die geskiedenis van jou gemeenskap.
6.	Neem tyd om die Here te loof en te aanbid vir Sy groot dade. (**Num.21:17; Jes.12:3**).
7.	Kom ons verneder ons weer voor Hom. Vra vergifnis vir die sigbare sondes van die dorp/stad en die gebrek aan toewyding aan die Here. Bid dat Hy weer die gemeenskap sal besoek.

Saterdag 3 April 2010

Dag 1: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Jesaja 12:2-3:** *God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder." Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding.*

Ervaar jy nog steeds die vreugde wat jy gehad het toe jy Jesus die eerste keer as jou Saligmaker ontmoet het? Of het jy moeg en selftevrede geword? Laat die Heilige Gees toe om jou hart te ondersoek. Bely enige selfvoldaanheid of apatie in jou verhouding met die Here Jesus. Vra dat Hy jou hart weer met vreugde sal vul, ten spyte van moeilike omstandighede waarin jy jou moontlik bevind. Gee jouself aan Hom oor met die absolute vertroue dat Hy weer jou verlossing sal wees. Bid dat die Kerk opnuut in die Here sal juig as gevolg van Sy verlossing.

Gebedsfokus op die *Wêreldbekersokkertoernooi*: Kaartjies

Mense wat nie kaartjies vir die wedstryde kon kry nie, sal by amptelike *FIFA*-ondersteunersparke op grootskerm-TV's na die wedstryde kan gaan kyk. Bid dat daar ook by hierdie plekke orde sal heers. Kuberkriminele beskou belangrike sportgebeure as 'n gulde geleentheid, aangesien mense al hoe meer geneig raak om kanse te waag en kaartjies deur ongemagtigde kanale te koop of die beloftes in ongevraagde e-posse te glo. Dit kan beteken dat aanhangers met nuttelose, vervalste kaartjies bly sit. Dit lei ook tot die diefstal van kredietkaartbesonderhede en verskaf geld vir georganiseerde misdaad. Bid dat sodanige optrede aan die kaak gestel sal word en dat mense op hulle hoede sal wees wanneer hulle hulle kredietkaartbesonderhede vir iemand anders gee.

Sondag 4 April 2010

Dag 2: *Onthou die fonteine van herlewing van ouds*

🕮 **Spreuke 25:26:** *'n Fontein, 'n put waarvan die water vuil en stink geword het, so is 'n regverdige wat hom tot 'n val laat bring deur 'n goddelose.*

Baie Gelowiges word moeg of ontnugter as hulle nie 'n antwoord op gebed sien nie. Dit is omdat ons soms vooropgestelde idees het oor hoe God ons gebede moet verhoor. Bely dit teenoor God as jy Hom op enige manier beperk het. Gee jou gedagtes en verwagtings aan Hom oor en vra Hom om op Sý manier te werk, soos en wanneer Hy wil. Bid dat die Kerk van alle goddeloosheid gesuiwer sal word en dat dit verkwik sal word. Bid ook dat diegene wat moeg geword het, weer met krag en volharding sal opstaan.

Beskou die lewe in en deur God: Hoe vergewe ek God?

Een van die moeilikste dinge om te erken is dat jy vir God kwaad is. Dit gebeur tog baie maklik. Wanneer 'n ramp ons tref en dit vir ons moeilik is om te verstaan waarom iets met ons gebeur het, is ons geneig om iemand te soek om te blameer. Omdat ons voel dat God ons moet beskerm en seën, is ons eerste reaksie dalk om te vra waarom Hy toegelaat het dat iets slegs met ons kon gebeur. Ons vra vrae soos: Waar was Hy toe ek verkrag of mishandel is, of toe ons gekaap of beroof is?

Prakties: Die enigste manier is om aan Sy voete te gaan sit en Hom te vra om vir jou te wys waar Hy in daardie situasie was, om die waarheid oor daardie baie moeilike situasie wat jou so pla, aan jou te openbaar soos wat Hy goeddink. Dan is dit ook belangrik om genoeg tyd saam met God te deur te bring, totdat jy agterkom dat jy Sy stem oor hierdie saak duidelik begin hoor. Satan wil baie graag hê ons moet glo dat God nie daar is vir ons nie,

ons nie sal beskerm nie. Bly praat met God totdat jy Sy hart oor hierdie saak verstaan. Dit mag wees dat jy nie 'n duidelike antwoord kry nie en dat jy 'n doelbewuste besluit moet neem om God te onthef van enigiets wat jy teen Hom hou. Dit is so eenvoudig soos dit. Hy is jou beste Vriend, sonder Wie jy nie kan leef nie; maak seker dinge is reg tussen julle twee.

Gebed: Hemelse Vader, ek dank U dat U U hart oor hierdie saak aan my geopenbaar het. Help my asseblief om U mening oor hierdie situasie duidelik vanuit U Woord te verstaan. Ek het berou omdat ek U kwalik geneem het, en sodoende onvergewensgesindheid in my hart teenoor U gekoester het. Ek kies om my grief te laat vaar. Ek kies om U nie langer in my hart te beskuldig van dinge wat U Woord duidelik sê U nooit sal doen nie. Vergewe my asseblief hierdie sonde van beskuldiging en onvergewensgesindheid teenoor U. Vul my hart weer met U vreugde. En help my om U te bly vertrou soos 'n kind, want U is my Vader.

Fokus op Paasfees: Paassondag
Die meeste Christene in die Westerse wêreld vier vandag **Paassondag**. Die eerste Paasfees is deur die Israeliete in Egipte gehou. God wou hulle vrystel van Sy toorn en oordeel toe Hy deur Egipte gegaan het om die eersgeborene in elke huis dood te maak. Maar hulle moes glo en Sy opdrag uitvoer. God het gesê: *Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie* (**Eks.12:13**). Vandag, 2 000 jaar na Christus se geboorte, weet ons Jesus is doodgemaak as die finale offer vir al die sonde van alle mense. Bid dat Christene God sal loof omdat Hy Sy Seun, Jesus Christus gegee het om vir ons te sterf. Bid ook dat die ongeredde mense Jesus as die gawe van die Ewige Lewe sal aanneem. Ons verheerlik God vandag vir Jesus Christus as die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, en die heerser oor die konings van die aarde (**Op.1:5-6**).

Beplan vooruit vir die *Wêreld Biddag van Gebed* op 23 Mei 2010: Webruimte: www.globaldayofprayer.com